


MIDSOMER- NAGDROOM

WILLIAM SHAKESPEARE



MAIN
PR
2827
SHA



The Library

University of the Witwatersrand

Johannesburg





WILLIAM SHAKESPEARE

MIDSOMERNAG-
DROOM

Shakespeare se Midsummer Night's Dream

Vertaal deur
EITEMAL

HUMAN & ROUSSEAU
KAAPSTAD • PRETORIA

Kopiereg in vertaling © 1974 deur W. J. du P. Erlank
Eerste uitgawe in 1974 deur Human & Rousseau
Uitgewers (Edms.) Bpk., Roosstraat 3-9, Kaapstad; Pretoriusstraat 239, Pretoria
Ontwerp deur G & G
Gedruk deur Citadel-pers, Lansdowne, Kaap

ISBN 0 7981 0434 1

Alle regte voorbehou. Dit is 'n oortreding van die kopieregwet om afskrifte van die teks te maak, of om sonder skriftelike verlof die stuk op te voer of as spellesing aan te bied. Sodanige verlof kan aangevra word van DALRO, Posbus 9292, Johannesburg.



101327315

BC 54169



Aan Paul en Debbie



DIE KARAKTERS IN DIE TONEELSTUK

THESEUS, *Hertog van Athene*

HIPPOLYTA, *Koningin van die Amasone, verloof aan Theseus*

EGÉUS, *Hermia se vader*

HERMIA, *verlief op Lysander*

LYSANDER

DEMETRIUS, *wat vry na Hermia*

HELENA, *verlief op Demetrius*

FILOSTRAAT, *seremoniemeester van Theseus*

OBERON, *die elwekoning*

TITANIA, *die elwekoningin*

PUK, *ook genoem Karnallie*

SPINRAG

ERTJIEBLOM

MOSTERDSAAD

MOT

} *feetjies*

PIET PLANK, *die timmerman; proloogspreker in die tussenspel*

BUKS BOLLE, *die wewer; Pyramus in die tussenspel*

BERTUS BLAAS, *die blaasbalkmaker*

SNOET, *die blikslaer; die muur in die tussenspel*

MANUS MAERMAN, *die snyer; maanskyn in die tussenspel*

Ander feetjies in die gevolg van Oberon en Titania. Edelmanne en volgelinge van Theseus en Hippolyta.



EERSTE BEDRYF

STONEEL I

Athene

Theseus, Hippolyta, Filostraat en gevolg.

THESEUS. My lieue Hippolyta, ons huweliksuur
Kom vinnig nader. Nog vier vrolike dae,
Dan is dit nuwemaan. Hoe stadig kwyn
Die ou maan tog! Sy strem al my begeertes
Soos 'n stiefmoeder, of 'n ou erf tante
Wat haar jong neef se erfenis uitleef.

HIPPOLYTA. Vier dae duik gou weg in donker nag,
Vier nagte droom die tyd wel gou verby;
Dan sal die maan as nuutgespanne boog
Van silwer aan die hemel ook ons nag
Van feest'likheid aanskou.

THESEUS. Gaan, Filostraat,
Roep op d'Atheense jeug tot vrolikheid,
Wek op die dartele, vlugge gees van pret;
Stuur droefheid na begrafenisse weg –
Die vaalbleek vriend pas by geen huweliksfees.
Filostraat af.

Hippolyta, ek het met die swaard gevry,
Jou liefde verower deur jou kwaad te doen;
Maar ek sal jou in 'n ander toonaard trou,
Met luister, optogte en feest'likheid.

Eg us, sy dogter Hermia, Lysander en Demetrius op.

EG US. Heil, Theseus, ons beroemde hertog, heil!

THESEUS. Dank, goeie Eg us, wat se nuus bring u?

EG US. Ek kom vol ergernis, en ek beskuldig

My eie kind, my dogter Hermia.

Staan hier, Demetrius. My ed'le heer,
Die heer het my verlof om met haar te trou.

Staan hier, Lysander. My genadige hertog,

Die man hier het my kind se siel beheks.

Lysander, jy het rympies vir haar geskryf,

En liefdespande met haar uitgeruil,

In maanlig voor haar venster valse liefde

In valse liefdesverse uitgesing,

Skelmagtig haar verbeelding aangegryp
Met haarlokke, met ringe, ornamentjies,
Met siersels, prulle, blomme, snoepgoed – dinge,
Wat magtig inwerk op die tere jeug.
Met lis het jy my dogter se hart gesteel,
Gehoorzaamheid wat sy verskuldig is,
Verander in koppigheid. Hooged'le Hertog,
As sy mog weier voor U Hoogheid hier
Om met Demetrius te trou, eis ek
Volgens Atheense wet my vaderreg.
Sy's myne; ek kan dus oor haar beskik.
Sy gaan dus óf na hierdie heer, óf na
Haar dood, waarvoor ons wet in so 'n geval
Direk en duidelik voorsiening maak.

THESEUS. Wat sê jy, Hermia? Liewe **mei**ie, wees
Verstandig; eer jou vader as 'n god,
Hy wat jou skoon gevorm het, ja en een
Vir wie jy niks meer is as 'n wasfiguur
Wat hy self geboetseer het, en wat hy
By magte is om te handhaaf of vermink.
Demetrius is 'n waardige edelman.

HERMIA. So ook Lysander.

THESEUS. In homself, ja seker.

Maar hy mis in die saak jou vader se steun;
Dus moet jy d' ander sien as waardiger.

HERMIA. Kon vader maar met my twee oë sien!

THESEUS. Kyk liewers met jōu oë deur sy wysheid.

HERMIA. Ek smeek U Edelheid, vergewe my.

Ek weet nie watter mag gee my die moed,
Of hoe dit strook met my beskeidenheid
Om voor u aangesig my saak te stel nie;
Maar ek smeek U Genade, sê my wat
Die ergste is wat my sou kan oorval,
As 'k weier om met Demetrius te trou.

THESEUS. Die dood te sterf, of dan vir lewenslang

Met manne alle omgang af te sweer.
Dus, liewe Hermia, ondervra jou hart,
Praat met jou jeug, en vra jou warm bloed
Of jy, as jy die vaderkeus verwerp,
Sou kan gelukkig wees in nonnekleed,
In 'n donker klooster ewig ingehok,
Jou hele lewe lank onvrugbare non
Wat bleek gesange sing vir 'n dorre maan.

Drie maal geseën hulle wat so hul bloed
Bedwing tot pelgrimsgang van maagd'likheid;
Meer aards gelukkig die geplukte roos,
As sý wat maagd'lik op haar doringtak
Verenkeld salig bloei, verwelk, en sterf.

HERMIA. My heer, so sal ek groei, so leef, so sterf,
Voor ek my maagdereg verspeel aan een,
'n Heer aan wie se heerskappy en juk
My siel sy vryheid nooit wil onderwerp nie.

THESEUS. Dink deeglik na, en met die nuwemaan,
Die dag waarop my liefste en ek die band
Van ewigdurende vriendskap sal verseël,
Moet jy gereed wees om díe dag te sterf
As jy jou vader se gesag verwerp,
Of met Demetrius, soos hy eis, te trou,
Of op die altaar van Diana sweer
Om ewig kuis en koud alleen te leef.

DEMETRIUS. Gee toe, my liefste Hermia! En, Lysander,
Laat voor my reg jou dwase aanspraak swig.

LYSANDER. Haar vader het jou lief, Demetrius;
Trou jy met hom, laat Hermia aan my.

EGÉUS. Jou bitterbek! Nou goed, ek het hom lief,
En wat aan my hoort, dra ek oor aan hom;
Ook sý is myne, en my reg op haar
Bemaak ek voluit aan Demetrius.

LYSANDER. Ek is, my heer, in afkoms sy gelyke,
My rykdom net so groot, my liefde groter,
My waarde in ieder opsig die gelyke,
Miskien die meerdere van Demetrius.
En – wat tog al die grootspraak moet oortroef –
Die allermooiste Hermia het my lief.
Waarom mag ek my aanspraak nie laat geld nie?
Demetrius – dit sê ek in sy gesig –
Het na Nedar se dogter Helena
Gevry, haar liefde gewen, haar dolverlief
Gemaak, en die pragtige kind aanbid nou díe
Geskindvlekte en troulose man.

THESEUS. Ek moet erken ek het daarvan gehoor,
En wou al met Demetrius daarvoor praat.
Maar onder druk van al my eie sake
Het ek vergeet. Maar, kom, Demetrius,
En jy, Egéus, kom nou saam met my;
Ek wil vertroulik praat met julle twee.

En jy, mooi Hermia, maak jou klaar, en stel
Jou wense in op wat jou vader wil;
Of die Atheense wet, wat ons in geen
Geval ooit mag versag, veroordeel jou
Tot d' dood of tot die eed van eensaamheid.
Kom, my Hippolyta, hoe gaan dit, liefeling?
Demetrius en Egéus, kom nou saam;
Ek het opdragte in verband met my
Aanstaande huw'lik, en moet iets bespreek
Waarby julle albei nou betrokke is.

EGÉUS. Ons sal u volg uit plig en uit plesier.

Af. Lysander en Hermia bly agter.

LYSANDER. Wat nou, my liefste? Waarom 's jy so bleek?
Waarom verwelk die rose op jou wang
So gou?

HERMIA. Miskien gebrek aan reën, al kon
Ek hulle besproei met tranen uit my oë.

LYSANDER. O wee! In al wat ek geles het, of
Kon hoor deur stories of geskiedenis,
Het ware liefde nog nooit glad verloop nie;
Want een keer was die standverskil te groot —

HERMIA. O kruis! Te hoog om ondertoe te trou!

LYSANDER. Of d' entloot was te jonk vir die ou stam —

HERMIA. O vreeslik! Té oud vir 'n jong verloofskap!

LYSANDER. Of naasbestaandes moes die deurslag gee —

HERMIA. O hel! Met 'n ander se oë jou liefde kies!

LYSANDER. Of, as die keuse wedersyds bevredig,

Het oorlog, dood of siekte dit oorval,
En was d' geluk soos klank wat gou verklink,
'n Vlugtige skadu, 'n kortstondige droom,
So vinnig soos weerlig wat in koolswart nag
Met een blits aarde en hemel openbaar,
En voor jy kans kry om te sê „kyk daar”,
Word dit deur donker nag weer opgesluk —
So gou keer helderheid tot duisternis.

HERMIA. As ware liefde altyd weerstand vind,
Is dit 'n wetsbepaling van ons lot.

Dan moet ons die beproewing rustig dra
As 'n gewone kruis, so eie aan
Die liefde as mymeringe, dromen, sugte,
Verlangens, tranen — liefde se arm gevolg.

LYSANDER. Dis goed gesien; maar luister, Hermia;
Ek het 'n tante, vername weduwee,

Wat baie ryk is, sonder erfgenaam.
Haar huis is twintig myl van Athene af,
En sy beskou my as haar enigste seun.
Daar, liewe Hermia, kan ek met jou trou,
Want daarheen kan d'harde Atheense wet
Ons nie vervolg nie. As jy my dus liefhet,
Sluip morenag weg van jou vader se huis,
En in die bos, drie myle buite die stad,
Waar 'k jou 'n keer ontmoet 't met Helena
Om saam die Meidagmore daar te vier,
Daar sal ek vir jou wag.

HERMIA. My liewe Lysander,
Ek sweer by Cupido se sterkste boog
En by sy beste goudgepunte pyl,
By die onskuld van Venus se duiwepaar,
By siele wat liefde sweer voor haar altaar,
By vlamme waarin Dido haarself verbrand 't
Toe vals Aeneas wegseil van haar land,
By al die ede wat deur mans verbreek is
Veel meer as ooit deur vroue uitgespreek is,
Op d'afgesproke plek, waar jy sal wag,
Kry ek jou more rondom middernag.

LYSANDER. Hou woord, my liefste. Hier kom Helena.

Helena op.

HERMIA. Welkom, mooi Helena, waarheen so vlug?

HELENA. Noem jy my mooi? Trek daardie „mooi” terug.

Demetrius vind jou pragtig. Salige prag!
Jou oog sy leid-ster, jou stem mooi en sag,
Mooier as leeurikslid wat 'n herder boei
As die graan groen is en die meidoring bloei.
Siekte steek aan. Mooi Hermia, steek my aan
Met jou aantreklikheid, en laat my gaan
Met oog en oor vol van jou harmonie,
Met 'n tong wat tolk is van jou melodie.
Ek sou my wêreld, alles, daaraan wy,
Behalwe Demetrius, om te lyk soos jy.
Leer my jou oogopslag, die maat waarop
Demetrius se hart so vinnig klop.

HERMIA. Ek frons teen hom, en hy bemin my meer.

HELENA. O, kon my glimlag van jou fronse leer!

HERMIA. Ek vloek hom, hy stel liefde in die plek.

HELENA. Kon my gebede maar so 'n liefde wek!

HERMIA. Hoe meer ek haat, hoe trouer volg hy my.

HELENA. Hoe meer ek liefhet, hoe meer haat hy my.

HERMIA. Sy dwaasheid, Helena! Die fout is syne.

HELENA. Jou skoonheid! O, ek wens jou fout was myne.

HERMIA. Wees dan getroos; hy sien my nooit weer t'rug.

Lysander en ek gaan hierdie plek ontvlug.

Toe ek die eerste keer Lysander sien,

Was Athene nog my paradys. Sinsdien

Het magte, wat in die liefde skuil, te snel

My hemel laat verander in 'n hel!

LYSANDER. Heleen, ons sal jou sê waar dink ons aan.

Teen morenag, wanneer die silwer maan

In d'waterspieël haar aangesig beskou

En gras omheen met diamant bedou,

Wanneer die nag ons liefdesvlug omsluit,

Glip ons twee by die stad se poorte uit.

HERMIA. En in die bos waar dikwels jy en ek,

Op 'n bleek bed van primulas uitgestrek,

Ons soetste hartsgeheime kon openbaar,

Ontmoet ons twee, Lysander en ek, mekaar,

Verbreek dan met Athene alle bande,

En soek weer nuwe vriende in vreemder lande.

Vaarwel, my jeugvriendin, bid vir ons twee,

En mag die lot Demetrius aan jou gee.

Hou woord, Lysander. Hoe ons ook versmag,

Geen liefdeblik voor moremiddernag.

LYSANDER. Ek sal.

Hermia af.

En, Helena, tot siens! Mag gou

Soos jy met hom, Demetrius dweep met jou.

Lysander af.

HELENA. Die één mens mis die geluk wat 'n ander kry.

Athene dink ek is net so mooi as sy.

Wat help dit, as Demetrius my vergeet

En weier om te weet wat almal weet?

Hy's dom en dol verlief op Hermia,

En net so dom draf ek hóm agterna.

Aan waardeloosheid, grofheid kan meteen

Die liefde 'n skyn van waardigheid verleen;

Dit kyk nie met die oog nie, met die gees:

Dus moet Cupido blind, gevleuel wees!

Hy het dus ook geen oordeelskrag, helaas,

Geen oog, net vlerke vir sy domme haas;

Dus sê hulle ook die liefde is 'n kind,

Wat vinnig kies en die verkeerde vind.
Soos speelse seuns in spel ligsinnig sweer,
Word d' liefdesgod deur ede vals onteer,
Want voorheen het Demetrius sonder tal
Sy haelreën liefdesede op my laat val;
Maar onder Hermia se warm geweld
Het hy met al sy ede weggesmelt.
Ek gaan vertel van d'vlug van Hermia.
Sit hy haar morenag dan agterna
Na daardie bos, sal ek vir my verraad
Wel duur betaal en seker weinig baat.
Maar daardeur neem my pyn 'n hoër vlug
Omdat ek hom kan sien daarheen en t'rug.
Af.

TONEEL II

Athene

Plank, die timmerman, *Tap*, die skrynerwerker, *Bolle*, die wewer, *Blaas*, die blaasbalkmaker, *Snoet*, die blikslaer, en *Maerman*, die snyer.

PLANK. Is ons hele geselskap hier?

BOLLE. Maak liewerste 'n algemeenlike oproep, man vir man, soos volgens die teksvers.

PLANK. Hier is die rol met die naam van elke man, wat dwarsdeur Athene werd geag word om in ons tussenspel te speel voor die hertog en die hertogin op die aand ná hul troudag.

BOLLE. My liewe Piet Plank, sê eers wat die storie van die stuk is; dan noem jy die name van die spelers; so kry jy puntjie by paaltjie.

PLANK. So wragtag, ons stuk is getiteld: „Die allerdroewigste kimmedie en die allerwreedste dood van Pyramus en Tispie.”

BOLLE. 'n Baie mooi stuk werk, ek verseker julle, en vrolik. Nou, my liewe Piet Plank, hou 'n rolkôl van jou spelers. Manne, staan bietjie los van mekaar.

PLANK. Antwoord op jul name. Buks Bolle, die wewer.

BOLLE. Hier! Noem die rol wat ek moet speel, en laat ons wegval.

PLANK. Jy Buks Bolle, speel die rol van Pyramus.

BOLLE. Wat is Pyramus, 'n vryer of tiran?

PLANK. 'n Vryer wat homself vrek maak uit dapperheid en liefde.

BOLLE. Dit vra trane as jy dit rêrag speel. As ék dit doen, huil al die toehoorders hul oë uit. Ek sal laat trane stort, maar ook laat simpatteseer. Nou die ander – Natuurlik my groot talent is die van 'n tiran. Ek kan Herklas speel vir 'n vale, of 'n stuk met kattegetjank wat hart en longe seur.

Die ruwe rots
Wat beuk en klots
Breek met sy bots
Die kerkerslot;
En Phoebus se kar
Blink ver vandarr,
Wink en verwar
Die blinde lot.

Dit was hoogverhewe. Noem nou die res van die spelers. Dit was Herklas se trant, die trant van 'n tiran. 'n Vryer praat bietjie sagter en treuriger.

PLANK. Bertus Blaas, die blaasbalkmaker.

BLAAS. Hier, Piet Plank.

PLANK. Blaas, jy moet Tispie speel.

BLAAS. Wat is Tispie, 'n dwalende ridder?

PLANK. Dit is die meisiekind wat Pyramus op verlief moet wees.

BLAAS. Nee, magtie, ek kan nie 'n meisiemens speel nie; my baard begint al pik.

PLANK. Almiskie! Jy speel dit in 'n masker, en jy mag so fyntjies praat as jy wil.

BOLLE. As ek my bakkies kan bedek, laat my ok Tispie speel. Ek sal met 'n vreeslike dun stemmetjie praat: „Tietsie, Tietsie.”
„A! Pyramus, my skattebol! Jou liewe Tietsie, jou liefinkie!”

PLANK. Nee, nee, jy speel Pyramus; en, Blaas, jy Tispie.

BOLLE. Gaan verder.

PLANK. Manus Maerman, die snyer.

MAERMAN. Hier, Piet Plank.

PLANK. Manus Maerman, jy speel Tispie se ma. Piet Snoet, die blikslaer.

SNOET. Hier, Piet Plank.

PLANK. Jy Pyramus se pa. Ek self Tispie se pa. Tap, die skrynerker, jy is die leeu. Ek hoop dis 'n rol vir jou.

TAP. Is die leeu se rol klaar uitgeskryf! Assemblief, as dit is, gee dit vir my, want ek leer swaar.

PLANK. Jy doen dit uit die vuis, want dis net brul dat dit bars.

BOLLE. Laat my ok brul-leeu speel. Ek sal brul dat elke hart sal bewe. Ek sal brul, sodat die Hertog sê: „Laat daardie ou bul weer brul, weer brul.”

PLANK. As jy dit te vreeslik doen, sal jy die hertogin en die dames laat skreeu van skrik; en dis genoeg om ons almal te laat hang.

ALMAL. Dan word elke moerskind hierso opgehang.

BOLLE. Dit gee ek toe, vrinde, as ek die dames laat disnis skrik, sal hulle niks beters weet as om ons op te hang nie. Maar ek sal my stem so verminkelaar dat ek vir jou sal brul so sag soos 'n suig'ling-duif aan sy moedersbors, ek sal vir jou brul so soet soos die soetste nagtegaal.

PLANK. Jy kan niks anders speel nie as Pyramus; want Pyramus is 'n man met 'n sagaardige aangeseg; 'n ordentlike man, soos mens op 'n somersdag sal sien; 'n allerlieflikste jintelman van 'n man. Dus moet jy opsluit Pyramus speel.

BOLLE. Goed, ek sal perbeer. In waffer soort baard moet ek dit speel?

PLANK. Wel, soos jy wil.

BOLLE. Ek sal die rol vervaardig óf in 'n strooigeel baard, óf 'n oranje-bruin baard, of 'n helrooi baard, óf in 'n Franse kroonkleurbaard, jou suiwerste geel.

PLANK. Party Franse skedels en krone het glad geen hare nie, en dan sal jy moet speel met 'n kaal geseg. Maar, manne, hier is jul rolle, en ek smeeke julle, versoek julle, en beveel julle om dit uit julle kop te leer voor morenag. Ontmoet my in die paleis se bos in die maanlig, 'n myl buite die dorp. Daar sal ons oefen, want, as ons in die dorp vergader, sal hulle soos honde om ons draai en ons geheim uitsnuffel. Intussen sal ek 'n lys opstel van benodighede, wat ons opvoering nodig het. Assemblief, moet my nie in die steek laat nie.

BOLLE. Ons sal bymekaarkom, en daar sal ons onsindelik en vry rippeteer. Werk hard. Mik hoog. Ajeu!

PLANK. Ons kom bymekaar by die Hertog se akkerboom.

BOLLE. Genoeg. Ons sal die boog laat buig of breek.

Af.

TWEEDE BEDRYF

TONEEL I

'n Bos naby Athene

'n *Feetjie* eenkant, en *Puk* aan die ander kant.

PUK. Kom, nou, *Feetjie*, waarheen gaan die reis?

FEETJIE. Oor die heuwels en deur dale

Waar skerp doringstruïke skuur,

Oor die parke en heiningpale,

Deur die vloed en deur die vuur

Dwaal ek rond op elke baan

Vlugger dan die silwer maan.

Voor die elwe-vorstin kom

Sprink'! ek dou op gras en blom.

Regop primulas hou die wag

In hul geel soldatedrag,

Wat die elwe pragtig fyn

Rooi bespikkel 't met robyn.

Ek soek nog druppels dou hier voor

Om 'n pêrel te hang in elke blom se oor.

Loop grapjas van die geeste, ek moet gaan;

Ons vorstin en haar elwe kom al aan.

PUK. Die koning kom vannag om fees te vier;

Maar hou die koningin tog weg van hier,

Want Oberon kan vreeslik woedend raak,

Omdat sy 'n pragtige koningskind, geskaak

In Indië, by haar hou om haar te dien;

Sy't nooit 'n mooier wisselkind gesien.

Maar Oberon wil die kind as volgeling

Meevoer waar hy deur wilde woude dring.

Sy wei'r beslis, want sy't die kind te lief

Wat sy bekrans met blomme, haar hartedief.

As hulle ontmoet in beemd of bosse dig,

By helder stroom of stippels sterrelig,

Baklei hulle so dat elwe halsoorkop

Van ans wegduikel in 'n akkerdop.

FEETJIE. Óf jy't met vorm en voorkoms my verkul

Óf jy's die skelm, stoute gees wat hul

Karnallie noem. Is jy nie daardie gees

Wat nooientjies van die dorp vervul met vrees,
Wat melk afroom en die boervrou verplig
Om te karring tot sy blou is in haar gesig,
Wat bier soms futloos maak en sonder krag,
Nagwandelaars mislei en lekker lag?
Die wat jou Pukkelossie noem of liewe Puk,
Die help jy werk, vir hul bring jy geluk.
Is dit nie jy nie?

PUK. Ja, soos jy verwag,
Is ek die vrolike wand'laar deur die nag.
Ek grap met Oberon, en laat hom grinnik
Wanneer ek soms jongmerrieagtig runnik,
En 'n vetgevrete hings op stal rondtrappel.
Soms dryf ek soos 'n gebakte winterappel
In d'kletskaus van die dorp se bierglas rond,
En nes sy drink, dan dobber ek teen haar mond
En stort haar bier oor skilpadnek en vel.
Ou tannies wat 'n treurverhaal vertel,
Het my al aangesien vir 'n driepootstoel;
Ek glip dan uit nes ek haar boude voel,
Sy val, en skreuc „o gats!”, begin te hoes,
Terwyl die ander krul en hard uitproes
In ál hoe wilder lag, en nies, en sweer
So vrolik het hul nog nooit hier saam verkeer.
Staan eenkant, Feetje, hier kom Oberon aan.

FEETJIE. En hier my meesteres! Hoe sal dit gaan!
Oberon, koning van die Feetjies, eenkant op met sy gevolg, Titania, die koningin aan die ander kant met hare.

OBERON. Geen blye ontmoeting, trotse Titania.

TITANIA. Ob'ron jaloers? Gou, feetje, kom, ek het
Sy bed en sy geselskap afgesweer.

OBERON. Wag, roekelose! Is ek nie jou man nie?

TITANIA. Dan moet ek tog jou vrou wees; maar ek weet
Jy't al uit Feëland skelm weggesluip,
In 'n herder se gedaante heeldag lank
Op jou rietfluit, jou liefdeslied gekweel
Vir 'n verliefde herderin. Waarom
Kom jy van die verste berg van Indië
Terug? Omdat die woeste Amasone,
Jou vegvrou-liefie met haar hoë skoene,
Met Theseus gaan trou, en jy't gekom
Om vreugde en voorspoed aan hul bed te gee.

OBERON. Titania, hoe durf jy skaamteloos

Hippolyta en my eer beskimp, terwyl
Jy weet ek weet van jou en Theseus?
Het jy hom nie een skemernag gelok
Weg van Perégina wat hy verlei het?
Hom teenoor mooi Aegles sy woord laat breek,
Teenoor Ariadne en Antiope?

TITANIA. Dit is versinsels van jou jaloesie.

Nog nooit sedert die volle somertyd
Het ons op berg, dal, bos of veld ontmoet,
By klipfontein of riet-begroeide spruit,
Of sanderige strandplek aan die see
Om ringdansen te dans op windmusiek,
Of jy't met jou kabaal ons pret bederf.
Dus het die wind, wat vrugt'loos vir ons fluit,
In weerwraak uit die see opgesuig
Verpeste damp, wat neerslaan op die land
En al die klein riviertjies so laat groei
Dat almal swel en oor hul walle stoot.
Die os het dus vergeefs sy juk gedra,
Die boer vergeefs gesweet, en die groen graan
Het vroeg gevrot, voordat hy baard kon kry.
Die kraal staan leeg in die oorstroomde veld,
En kraaie is vet van die gevrekte vee.
Die kegelbaan is ene slyk en modder;
Die slingerpaadjies deur die dart'le groen
Is onbetrede, onbekenbaar nou.
Geen wintervoorraad vreugde vir die mens.
Geen nag word meer deur lied of sang verryk.
Dus drink die maan, wat d'watervloed beheers,
In bleke woede met haar reën die lug,
Wat deur sy klamheid koors en siekte kweek.
En deur die weersverwarring sien ons ook
Seisoene wissel. Spierwit winterryt
Val in die jong skoot van die bloedrooi roos;
Op winter se yskoue kaal ou kruin
Pryk daar 'n geur'ge kranse somerblomme
As 'n soort spotterny. Die lente, somer,
Die vrugb're herfs, die kwaaië winter het
Van kleed verander, die verdwaasde wêreld
Weet deur die wiss'ling nie meer wie is wie.
Dieselfde nasleep van onheile spruit
Uit ons debatte en ons rusies voort;
Ons is die ouers, oorsprong van dit alles.

OBERON. Jy kan dit regmaak; dit is in jou mag.

Weerstreef Titania haar Oberon?

Ek vra jou net, gee my die wisselkind
As lyfbediende.

TITANIA. Dit kan jy vergeet.

Nooit koop die hele Feëland hom van my.

Sy moeder was aan my orde toegewy,

En sy het in die soet deurgeurde lug

Van Indië nagte lank met my gesels,

Daar op die geel strand saam met my gekyk

Hoe handelskepe uitseil oor die see,

En saam gelag as seile swanger word

En uitbol onder wellus van die wind.

Dan stap sy met 'n pragtig glydende

Beweging – sy het toe die seun verwag –

Net soos 'n skip op land, om kleinighede

Vir my te kry, en kom sy weer terug

Van ver, 'n koopvaardyskip, ryk belaaï.

Maar sy was mens, is dood by sy geboorte.

Om haar ontwil maak ek die seuntjie groot,

Om haar ontwil mag ek nooit van hom skei nie.

OBERON. Hoe lank gaan jy vertoef in hierdie woud?

TITANIA. Miskien tot net na Theseus se troue.

Maar as jy rustig saam met ons wil dans

Om ons maanskyne te sien, kom saam met ons.

Anders, vermy jy my gebied, ek joue.

OBERON. Gee my die seun en ek gaan saam met jou.

TITANIA. Jou feëryk koop hom nooit. Feetjies, volg my,

Daar kom weer rusie as ek langer bly.

Titania af met gevolg.

OBERON. Nou, gaan jou gang. Jy bly in hierdie bos

Tot ek vir d'onreg jou gemartel het.

My liewe Puk, kom hier. Onthou jy nog

Eenkeer het ek gesit op 'n voorgebergte

En 'n meermin op die rug van 'n dolfyn

'n Lied so soet, meeslepend mooi hoor sing,

Dat d' woeste see verstil het voor haar lied

En sterre wild verskiet het uit hul sfeer

Om na die meerminsang te luister.

PUK. Ja.

OBERON. Toe 't ek gesien, wat jou ontgaan het, hoe

Cupido tussen d' aarde en koue maan

Vlie met sy pyl en boog. Hy mik sekuur

Op 'n suiwer maagd wat in die Weste troon,
En skiet sy liefdespyl met so 'n geweld
Asof 't 'n duisend harte moes verwond.
Daar sien ek die vurige pyl geblus
Deur wat'rig-kuise strale van die maan.
Die koninklike priesteres gaan voort
In maagdelike mym'ring, liefde-vry.
Ek weet waar het Cupido se pyl geval.
Dit het geval op 'n blommetjie in die Weste,
Voorheen melkwit, nou purper van die wond;
Jong meisies noem dit „Liefde-se-Gesiggie”.
Bring my die blom; 'k het jou die struik gewys.
As mens sy sap op 'n slaper se oë lê,
Sy't man of vrou, dan word hy dol verlief
Op d' eerste lewende wese wat hy sien.
Bring my die struik, en wees hier weer terug
Voor die leviatan een myl ver kan swem.

PUK. Ek sal 'n gordel om die aarde trek
In veertig minute. *Puk af.*

OBERON. Kry ek daardie sap,
Sal ek Titania dophou as sy slaap
En van die vog laat druppel in haar oë.
Die eerste wat sy sien as sy ontwaak,
Sy dit 'n leeu, 'n beer, 'n wolf, 'n bul,
Onnutsige bobbejaan of besige aap,
Sal sy met sielsverliefdheid agtervolg.
Voor ek haar oë van die ban genees,
Wat ek kan doen met 'n ander struik se sap,
Moet sy die edelknaap aan my afstaan.
Wie kom hier aan? Laat my onsigbaar word,
Dan hoor ek wat hulle met mekaar bespreek.
Demetrius op, gevolg deur Helena.

DEMETRIUS. Ek't jou nie lief nie, basta my agtervolg.
Waar is Lysander en mooi Hermia?
Hom slaan ek dood, maar sy is weer my dood.
Jy't my gesê hulle skuil in hierdie woud.
Hier's ek, benoud gevry in hierdie woud,
Omdat ek hopeloos soek na Hermia.

Kry dus jou ry, hou op om my te volg!

HELENA. Jy trek my hart, hardvogtige adamant;
En tog trek jy geen yster, want my hart
Is trou soos staal. As jy my ophou trek
Verval die drang om jou te agtervolg.

DEMETRIUS. Lok ek jou aan met vriend'like gevele?

Of sê ek jou kaalkop die waarheid: Jy,
Jy laat my koud, en so sal 't altyd wees?

HELENA. En juis daardeur het ek jou nóg meer lief.

Ek is jou waterhond. Demetrius,
Hoe meer jy slaan, hoe meer lek ek jou hande.
Gebruik my as jou hond, skop my, slaan my,
Verloor, verwaarloos my; gee net verlof
Dat ek onwaardig op jou voetspoor volg.
Kan 'k om iets laer in jou liefde smeek
En tog 'n staat wat ek self hoog waardeer?
Gebruik my net soos jy jou hond gebruik.

DEMETRIUS. Moenie die haat uittart wat in my woon nie,
Want ek is siek as ek jou voor my sien.

HELENA. En ek is siek as ek jou nie mag sien nie.

DEMETRIUS. Jy stel jou goeie naam in groot gevaar

As jy die stad verlaat, jou toevertrou
Aan iemand wat geen liefde vir jou voel nie,
Jou maagdelike rykdom blootstel aan
Geleentheid wat die nag se donker bied,
En 'n eensaam plek se bose fluistering.

HELENA. Jou eer is my beveiliging, te meer

Omdat die donker opklaar as jy voor
My staan en ek vergeet dis óm my nag,
Met 'n wêreld van geselskap in die bos,
Want jy's vir my gevoel die hele wêreld.
Hoe kan jy dink dat ek kan eensaam wees
As deur jou 'n hele wêreld kyk na my.

DEMETRIUS. Ek sal hardloop en wegkruip in die ruigte,
Jou laat aan wildediere se genade.

HELENA. Die wildste het geen hart so wreed soos jy.

Hardloop gerus; jy draai die verhaal net om:
Apollo vlug vir Dafne op sy hakke;
Die duif jaag die griffoen, die sagte hinde
Storm wild af op 'n tier – Wat help die spoed,
As d' lafaard agtervolg, die held wegvlug?

DEMETRIUS. Jy mors my tyd met vrae; ek gaan nou weg,

En, as jy my durf volg, glo my gerus,
Ek sal my in die bos aan jou vergryp.

HELENA. Ag, in die tempel, stad, of veld vergryp

Jy jou aan my. Skaam jou, Demetrius;
Jy krenk my, maar beledig elke vrou.

Hoe kan ons, soos die man, vir liefde veg?

Nie vry nie, maar gevry word, dis ons reg.

Demetrius af.

Ek volg, en dra my hel die hemel in,
En sterwe deur die hand wat ek bemin.

Helena af.

OBERON. Nimfie, vaarwel. Voor hy van hier vertrek,
Vlug jy vir hom, die doodverliefde gek. *Puk weer op.*
Het jy die blom hier? Welkom, wandelaar.

PUK. Ja, hier is dit.

OBERON. Gee dit hier asseblief.

Ek ken 'n bed waar wilde tiemie groei,
Waar sleutelblomme en skaam viooltjies bloei,
Met kamferfoelie bo tot baldakyn
En eglantier en muskusrose fyn.
Daar slaap Titania somtyds in die nag,
Gesuis deur geur en dans van blommeprag.
Daar raak die slang van glanswit vel ontslae,
'n Rok, net reg vir feetjies om te dra.
Laat ek 'n druppel sap in haar oë val,
Dan word sy té belaglik liefde-mal.
Neem van die sap, deursoek die bosse tot
Jy 'n mooi Atheense nooi kry; sy's versot
Op 'n man wat haar verstoot. Gaan en bestryk
Sy oë, maar so dat d' eerste wat hy na kyk,
Die nooi sal wees. Jy sal hom, waar hy gaan,
Herken, want hy't Atheense klere aan.
Bewerk hom goed, dat 'n liefde oor hom kom
Veel sterker as haar liefde was vir hom.
Voor d' eerste hanekraai verwag ek jou.

PUK. Geen vrees, my heer, u dienaar doen dit gou.

Oberon en Puk af.

TONEEL II

Die bos, met Titania se slaapplek daaragter

Titania op met haar gevolg.

TITANIA. Kom, nog 'n rondedans en elwelied,
Dan almal vir 'n klein minuutjie weg.
Party roei kanker uit in roseknoppe,
Party vang vlermuise om elwebaadjies

Van d' vleuelvlies te maak. Party verjaag
Die raasbekuil wat roep en deur die nag
Ons mooi feetjies beloer. Sing my aan slaap,
Gaan elkeen na sy werk, en laat my rus.

Die feetjie sing.

EERSTE FEETJIE. Spikkel-slange, gly verby,
Krimpvark, hou jou stekels in,
Geitjies, akkeldisse, bly
Ver weg van ons koningin.

KOOR. Soet gestemde nagtegaal,
Sing mee in ons sluimertaal:
Doedoe, doedoe, doedoe sag,
Doedoe, doedoe, doedoe sag.
Duister ding,
Nog towerkring
Hou ons vorstin in sy mag.
Wees gerus, en doedoe sag.

TWEDE FEETJIE. Langbeenspinnekoppe, span
Hier geen web of spinnedraad,
Pikswart torre, wees verban,
Wurm en slak, doen haar geen kwaad.

KOOR. Soet gestemde nagtegaal,
Sing mee in ons sluimertaal:
Doedoe, doedoe, doedoe sag,
Doedoe, doedoe, doedoe sag.
Duister ding,
Nog towerkring
Hou ons vorstin in sy mag.
Wees gerus, en doedoe sag.

Titania slaap.

EERSTE FEETJIE. Alles goed; nou, kom ons gaan;
Een bly hier as skildwag staan.

Feetjies af.

Oberon op. Hy druk die sap uit op Titania se ooglede.

OBERON. Wat jy sien as jy ontwaak,
Sal jy sotverlief op raak,
Kwyn en kwyl dat dit so kraak.
Panter, kat of hermelyn,
Luiperd, borselrige swyn –
Wat ook voor jou oog verskyn,
Word jou skatjie, o, so fyn;
Mag daar 'n goggabie verskyn.
Af. Lysander en Hermia op.

LYSANDER. Jy's van die wand'ling deur die bosse moeg,
 My skat, en ek moet sê, ek is verdwaal.
 Vind jy dit goed, rus ons tot more vroeg
 Die dag ons weer met nuwe moed bestraal.

HERMIA. Nou goed, Lysander, soek vir jou 'n plek;
 Op hierdie grassooi gaan ek my uitstrek.

LYSANDER. Een sooi sal dien as kussing vir ons hoof;
 Een hart, een bed, twee siele, een trou belooft.

HERMIA. Nee, my Lysander, doen dit net vir my,
 Lê verder weg, 'n bietjie meer opsy.

LYSANDER. My liefding, glo in d' onskuld van my doel.
 Wat liefde sê, moet liefde weet en voel.
 Ons harte is so verstrengel en verward
 Dat ons dit kan beskou as net een hart.
 Twee siele deur die liefde aaneengesmeed,
 Twee siele dus, verenig deur een eed.
 Ek vra jou net of ek jou bed mag deel;
 Dit is geen sluwe liegspel wat ek speel.

HERMIA. Lysander druk op elke woord sy seël.
 Ek sou my fynere aard, my trots bedrieg,
 As Hermia sou sê Lysander lieg.
 My vriend, uit liefde en eerbied vir mekaar,
 En ook uit skroom, skuif verder weg, tot daar
 So 'n afstand tussen ons is as die naam
 Van 'n eerbare vrygesel en nooit betaam;
 Tot hier, my lieve vriend. Slaap lekker, mag
 Jou liefde duur tot jou laaste lewendag.

LYSANDER. Amen op daardie mooi gebed van jou.
 Die lewe sterf, maar nooit my eed van trou.

HERMIA. Hier is my bed. Mag voldiep slaap jou sus.

HERMIA. Die helfte van die seën moet op jou rus.
Hulle slaap. Puk op.

PUK. Deur die bosse om en om,
 Geen Athener teëgekome,
 Wie se oog ek kan laat smag
 Deur die blom se liefdeskrag.
 Nag en stilte. Wie is daar?
 Hy's Atheens gekleed, sowaar.
 Dit is hy, die windlawaaier,
 Wat d' Atheense nooit versmaai.
 Hierdie nooientjie, slaap so vas
 Op die klam en koue gras.
 Pragtige kind, moet veraf slaap

Van die koue, onbeskofte swaap.
Vent, ek maak jou oë dom
Met die toorsap van die blom.
Mag die liefde in jou lyf
Slaap uit jou twee oë dryf.
Word maar wakker, ek moet vlug
Nou na Oberon terug.

Af.

Demetrius kom aangehardloop, gevolg deur Helena.

HELENA. Bly, maak my liewers dood, Demetrius.

DEMETRIUS. Ek sê jou, loop, jy's my tot ergernis.

HELENA. O, moenie my in die donker laat, alleen.

DEMETRIUS. Bly hier, jy waag jou lewe; ek gaan heen.

Demetrius af.

HELENA. Ek is uitasem van die dom wedloop;

Hoe meer ek bid, hoe minder word my hoop.

Gelukkige Hermia! Waar sy gaan of staan

Trek haar geseënde oë almal aan.

Hoe kom haar oë so helder? Deur geweën?

Meer tranesout spoel deur my oë heen.

Nee, ek is 'n beer, afskuwelike bees,

En diere wat my ontmoet, loop weg in vrees.

Dis dan geen wonder dat Demetrius

Van my wegvlug asof ek 'n monster is.

In watter krom lieg-spieël het ek gekyk,

Toe 'k my met ster-oog Hermia vergelyk?

Maar wie is hier? Lysander op die grond.

Dood, of aan slaap? Ek sien geen bloed, geen wond.

Lysander, as jy leef, word wakker nou.

LYSANDER (*Ontwaak*). Ek sal deur vuur en vlamme storm vir jou.

Deurstraalde maagd, natuur en kuns ineen!

Ek sien jou hartklop deur jou boesem heen.

Waar is Demetrius? Sy vuil naam sal sterf,

As hierdie swaard hom stort in die verderf.

HELENA. Sê dit tog nie, Lysander, sê dit nie.

Wie ly as hy jou Hermia liefhet, wie?

Wees jy tevrede; sy leef net vir jou.

LYSANDER. Tevrede met Hermia? Ek verafsku nou

Verveelde oomblikke, by haar verbrou.

Geen Hermia, maar Helena vir my.

Wie kies 'n kraai as hy 'n duif kan kry?

Verstand beheers nog steeds 'n man se wil;

Voorkeur vir jou is dus geen yd'le gril,

Want al wat groei, is net ryp in seisoen;
My ryp verstand weet nou wat hy moet doen.
Nou dat ek kom tot kennis van die mens,
Beheers verstand my hele wil en wens,
En sien 'k jou oë, waar die hele verhaal
Van liefde se rykste liefdesboek uit straal.

HELENA. Waarom is ek gebore tot bitter spot?

Is hoon van jou maar my verdiende lot?
Is't nie genoeg nie, nie genoeg, jong man,
Dat Demetrius na my nooit sál of kán
Met warm liefde kyk nie? En moet jy
Boonop my swaar tekort nog spot met my?
Jy doen my onreg aan, 'n onreg, ja,
As jy so smalend om my liefde vra.
Vaarwel. Dit moet ek jou nog eerlik sê,
Ek het gedink jy sou meer fynheid hê.
O, dat 'n meisie, deur een man, versmaai,
'n Ander se veragting op haar laai.

Af.

LYSANDER. Sy het vir Hermia nie gesien nie. Hermia, rus,

Maar laat voortaan Lysander ook met rus.
Want, net soos oordaad van die soetste ding
In keel en maag die diepste walging bring,
Soos mens die kettery die meeste haat
Wat jy voorheen geglo 't en nou verlaat,
Word jy, my oordaad en my kettery,
Orals gehaat, maar meeste nog deur my!
Ek gaan my liefde en geeskrag met geweld
Aan Helena wy, en word haar ridder-held.

Af.

HERMIA (*Ontwaak*). Help my, Lysander, help my, ek is bang,

Ruk weg hier van my bors die gladde slang!
O vreeslike nagmerriedroom wat my laat stik!
Lysander, kyk hoe bewe ek nog van skrik.
Ek het gedroom 'n slang vreet aan my hart,
Terwyl jy sit en glimlag oor my smart.
Lysander, is jy weg, is alles verbeur,
Ver weg, en dring geen woord meer tot jou deur?
Helaas! Waar is jy? Praat, as jy my hoor,
Om liefdeswil verdryf die angs wat my vermoor.
Geen antwoord? Dan's jy weg, jy't my verstoot.
Ek vind jou dad'lik, of ek vind my dood.

Af.

DERDE BEDRYF

TONEEL I

Dieselfde plek

Titania slaap. *Plank, Tap, Bolle, Blaas, Snoet* en *Maerman* op.

BOLLE. Is ons almal hier?

PLANK. Op die nippertjie. En hier is sommer 'n bakgat plek vir ons om te rippeteer. Die groen gelykte is ons verhoog, die meidoringbos is ons kleedkamer. En ons sal alles met aksie doen, soos voor die Hertog.

BOLLE. Piet Plank?

PLANK. Wat sê jy Bolle, ou bul?

BOLLE. Daar's dinge in die kimmedie van Pyramus en Tispie wat nie sal werk nie. In die eerste plek, Pyramus moet sy swaard uitpluk en homself doodsteek, iets wat vroumense nie graag sien nie. Hoe maak ons daarmee?

SNOET. So by my siks, hulle sal 'n groot skrik skrik.

MAERMAN. Ek dink ons moet na alles die doodstekery maar weglaat.

BOLLE. Nô! 'n wiel! Ek het 'n plan wat alles sal regmaak. Skryf vir my 'n perloog, en laat daar in die perloog staan, dat ons geen kwaad met ons swaarde sal doen nie, en dat Pyramus nie rêrag doodgemaak word nie. En om nog sekerder te maak, sê vir hulle ek, Pyramus, is nie rêrag Pyramus nie, maar Bolle, die wewer. Dit sal hulle bangeid wegneem.

PLANK. Goed, dan kry ons so 'n perloog, en dit sal geskrywe word in reëls van vier en drie voete.

BOLLE. Nee, maak dit meer; laat dit geskrywe word in vier voete deur die bank.

SNOET. Sal die vroumense nie skrik vir 'n leeu nie?

MAERMAN. Ek sê julle, ek is bang daarvoor.

BOLLE. Manne, julle moet by jul sigselwers dit konsidereer: Om 'n leeu – die hemel bewaar ons – tussen vrouvolk in te bring – is 'n verskriklike ding; want daar is nie 'n vreesliker aasvoël as 'n lewendige leeu nie. Daaroor moet ons nadink.

SNOET. Dan moet nog 'n perloog sê hy is nie 'n leeu nie.

BOLLE. Nee, jy moet sy naam noem, en die helfte van sy geseg moet by die leeu se nek uitsteek; en hy moet self daardeur praat en sê, so iets in hierdie trant: „Dames”, of „liewe dames”, „ek wens dat

u", of „ek wil u graag versoek", of „ek sou u graag wil smeeek, om niks te vrees, en niks te bewe nie: my lewe vir u lewe. As u dink ék hieer is 'n leeu, dan is dit klaar met my. Nee, ek is, gladdental nie soiets nie, ek is 'n man, soos enige ander man." En daar kan hy dan sy naam maar noem, en vir hulle reguit sê hy's Tap, die skrynwerker.

PLANK. Nou goed, dan doen ons dit. Maar daar's nog twee swaar dinge, dit is, om maanskyn in die kamer te bring; want, julle weet, Pyramus en Tispie ontmoet mekaar in die maanskyn.

SNOET. Skyn die maan die nag as ons ons toneelstuk speel?

BOLLE. 'n Kalender, 'n kalender. Kyk in die almanak. Kyk op maanskyn, kyk op maanskyn.

PLANK. Ja, dit skyn daardie nag.

BOLLE. Wel, dan laat jy 'n raam oop van die groot kamervenster, waar ons ons stuk speel, en dan kan die maan deur die raam na binne skyn.

PLANK. Ja, of anders moet iemand binnekom met 'n doringbos en 'n lantern om die maan as persoon te persenteer of voor te stel. Dan's daar nog 'n ander ding: Ons moet 'n muur hê in die groot kamer, want Pyramus en Tispie – so sê die storie – praat met mekaar deur 'n bars in die muur.

SNOET. Ons kan nooit 'n muur inbring nie. Wat sê jy, Bolle?

BOLLE. Een van ons moet die muur voorstel. Laat hom bietjie pleister of klei of rofkas hê aan sy klere om muur te beduie. En laat hom sy vingers só hou, en deur die spleet fluister Pyramus en Tispie.

PLANK. As dit moontlik is, dan is alles reg. Kom, sit nou elke moerskind, en rippeteer jul rolle. Pyramus, jy begin. As jy jou praat gepraat het, verdwyn jy agter darie bos. En so elkeen volgens sy teksvers.

Puk op van agter.

PUK. Nou wat se boerse buffels bullebak

Hier rond by d' slaapplek van ons koningin?

Wat, 'n toneelstuk? Ek is die publiek,

Miskien akteur, as ek dit nodig ag.

PLANK. Praat, Pyramus. Tispie, kom na vore.

BOLLE (*as Pyramus*). Tispie, net soos die roos met soet afroom.

PLANK. Soet ároom, soet ároom.

BOLLE (*as Pyramus*). Soet ároom,

So is jou asem lieflik, Tispie lief.

Ek hoor 'n stem, wag hier 'n ruk vir my,

En ek kom dad'lik weer, my hartedief.

Af, agter.

PUK. So snaaks is Pyramus nog nooit gespeel nie.

BLAAS. Moet ek nou praat?

PLANK. Natuurlik, ja. Kyk, jy moet verstaan, hy gaan net kyk wat se geraas hy daar gehoor het, en kom weer t'rug.

BLAAS (*as Thisby*). O Pyramus, ligstralend leliewit van kleur,
Rooi wilderoos wat triomfant'lik bloei,
Of soos 'n fikse jongkêrel, Jood in volle fleur,
Of soos 'n troue ryperd, fluks en onvermoei,
Ek kry jou, Pyramus, by Nonna se graf.

PLANK. Ninus se graf, man! Maar moenie dit nou al sê nie; dis jou antwoord aan Pyramus. Jy rammel jou hele rol af, wagwoorde, die lot. Pyramus, kom maar op, jou wagwoord is verby, dit was „fluks en onvermoei”.

BLAAS (*as Thisby*). Of soos 'n troue ryperd, fluks en onvermoei.
Bolle op met 'n eselskop.

BOLLE (*as Pyramus*). As ek maar mooi was, Tispie, leef ek net vir jou.

PLANK. O gats! Afskuwelik! Kêrels, ons is getoor! Vlug! Help, manne, help!

Almal af behalwe Bolle en Puk.

PUK (*kom na vore*). Ek sal jou volg en lei jou orals rond
Deur vlei, deur bos, deur dorings heen en weer,
Partykeer as 'n perd, dan as 'n hond,
'n Vark, 'n vuur, of as 'n af-kop beer;
Dan runnik, knor, blaf, brul en brand ek daar
Soos perd, vark, hond, vuur, alles deurmekaar.
Af.

BOLLE. Wat hardloop hulle weg? Dis sommer kwajongstreke om my bang te maak.

Snoet weer terug.

SNOET. Bolle, maar jy's verander! Wat sien ek aan jou?

BOLLE. Wat jy sien? Sien jy altemits jou eie eselskop, of hoe?
Snoet af. Plank weer terug.

PLANK. Magtag, Bolle! Gonna, jy's mos omgeskape!
Af.

BOLLE. Ek sien deur hul skelmstreke; dis om 'n esel van my te maak, om my bang te maak, as hulle kan. Ek sal g'n poot versit van hierdie plek nie, al doen hulle wat, en ek sal hier op en af loop en sing, dat hulle hoor ek is g'n stukkie bang nie. *Hy sing.*

Die merel, pikswart uitgedos,
Met snawel, oranje-geel,
Die lyster, sanger van die bos,
Tinktinkie wat sag kweel.

TITANIA (*word wakker*). Watter engel wek my op my blommebed?

BOLLE (*sing*). Die vink, die spreu, die lewerik,

Die grys eensang-koekoek,

Wat ou getroue mans laat skrik

Met onrus in hul broek.

Nou wel, wie antwoord so 'n verspote voël? Maar wie durf sê hy lieg, as hy aanhou roep oor vreemde eiers in jou nes?

TITANIA. Ek bid u, liewe sterweling, sing weer.

My oor is deur u stemklank diep ontroer;

My oog is deur u mooi voorkoms betower;

By d'eerste aanblik het u wese my

So aangegryp dat ek u lief moes kry.

BOLLE. Juffrou, my spesmaas is jy het bra min rede daarvoor. En tog, dis 'n waar woord, rede en liefde het deesdae baie min met mekaar uit te waaie. Des te jammerder dat baie goeie mense nie meer doen om die twee bymekaar te bring nie. Ja-nee, ek kan ok korswel as ek op my stukke is.

TITANIA. U wysheid is soos u aantreklikheid.

BOLLE. Nee, nie juis nie. Maar as ek genog verstand het om uit hierdie bos uit te kom, het ek genog om verder mee klaar te kom.

TITANIA. Moenie probeer wegvlug uit hierdie bos nie;

Al wil jy wat, ek laat jou nooit weer los nie.

Ek is 'n gees van ongewone krag;

Die somer staan nog onder my gesag.

Ek het jou lief, kom, gaan dus met my mee.

Ek sal jou elwe as jou dienaars gee.

Hulle sal juwele uit die diepsee bring,

En óm jou blombed wiegeliédjies sing.

Ek suiwer weg die logheid van jou lyf

Dat jy soos 'n feetjie deur die lug kan dryf;

Mot, Spinrag, Ertjieblom, en Mosterdsaad!

Vier feetjies op.

ERTJIEBLOM. Hier's ek.

SPINRAG. En ek.

MOT. En ek.

MOSTERDSAAD. En ek.

ALMAL SAAM. Gereed.

TITANIA. Wees lief en vriendelik vir hierdie heer,

En dartel waar hy loop voor hom verby.

Voer hom met appelkose en adamsvee,

Blou druiwe, kruisbessies en moerbeie.

Steel heuningsakkies van die hommelse

En stroop vir kersies was af van hul dye

En steek dit op by vuurvlieë in die vleie
As lig vir hom by slaap- en opstaantye.
Bring vlindervlerke, waaier sag verby
Die maanligstrale wat oor sy oë gly.
Buig diep voor hom, al die elwe op 'n ry.

ERTJIEBLOM. Heil, sterweling!

SPINRAG. Heil!

MOT. Heil!

MOSTERDSAAD. Heil!

BOLLE. Ek vra u edelagbares askies van ganser harte. Mag ek weet
hoe voer u edelagbare die van?

EERSTE FEE. Spinrag.

BOLLE. Ek sal jou nader wil beken, goeie Meneer Spinrag. As ek
my vinger sny, sal ek jou graag misbruik. En jou naam, edele
mencer?

TWEEDE FEE. Ertjieblom.

BOLLE. Sê asseblief tog groetnis vir Miesies Skorsie, jou ma, en
Mencer Ertjiepeul, jou pa. Goeie Meneer Ertjieblom, ek sal jou
ook nader wil beken. Jou naam, asseblief, mencer?

DERDE FEE. Mosterdsaad.

BOLLE. Goeie Meneer Mosterdsaad, ek weet hoe geduldag jy is!
Daardie symde lafhartige beesbak van 'n stuk beesvleis het al
baie geslagte van jul familie opgevreet. Ek sê vir jou, jou familie
het al baie trane in my oë gebring. Ek sal graag jou nader wil
beken, Meneer Mosterdsaad.

TITANIA. Kom, dien hom, lei hom na my heiligdom.

Die maan kyk deur die wolke waterig,
En as sy ween, ween mét haar elke blom,
Tot 'n soort kuise meegevoel verplig.
Bring in my liefing, hou sy mondjie dig.
Titania met Bolle en die feetjies af.

TONEEL II

'n Ander deel van die woud

Oberon op.

OBERON. Ek wonder of Titania wakker is,
En wat haar oog gesien 't toe sy ontwaak,
Want daar sal sy ook dolverlief op raak.

Puk op.

Hier kom my bode. Sê my, dolle gees,
 Wat gaan hierdie behekste nag nog bring?
 PUK. My meesteres verlief op 'n monsterding!
 Naby haar stil en heilige alkoof,
 In d' tyd dat slaap dofswaar die sinne doof,
 Het 'n spul hansworste, goor klomp om te sien,
 Wat op d' Atheense mark hul kos verdien,
 Byeengekom en 'n spel gerepeteer
 Om Theseus by sy huwelik mee te eer.
 Die dikvelligste dikkop – dommerik,
 Wat Pyramus moes speel in daardie stuk,
 Het sy rol verlaat, gaan wegkruip in 'n bos.
 En daar trek ek toe lekker op hom los
 En plant twee eselsore bo sy kop.
 Toe hy in d'fe vermomming antwoord op
 Thisby se toespraak was die gort mooi gaar.
 Soos wildeganse 'n skerpskutter gewaar,
 Of swetterjoele pikswart roeskop-kraaie,
 As die geweerskoot klap, met groot lawaai
 Opfadder, vlerke klap, een teen die ander,
 So het sy maats, toe hul hom sien, gespaander.
 Ek stampvoet op die grond. Dit struikel en val,
 Skreeu moord en brand en roep om hulp, skoon mal
 Van skrik, wat die rede so verswak, verwar,
 Dat dooie dinge word tot groter gevaar.
 Die haak-en-steek, die wag-'n-bietjie-bos
 Gryp hoede, moue, hulle laat alles los.
 Ek het die skrik-verwardes weggelei,
 Maar Pyramus, mooi eselskop, laat bly.
 Op daardie oomblik het Titania ontwaak,
 Soos jy sê „mes” op 'n esel verlief geraak.
 OBERON. Dit val veel beter uit as wat ek dag.
 Het jy ook die Athener se oë vannag
 Op my bevel bestryk met liefdesap?
 PUK. Ja, in sy slaap; sy doppie is geklap.
 En die Atheense vrou lê langs hom daar.
 As hy dus wakker word, dan sien hy haar.
Demetrius en Hermia op.
 OBERON. Skuil hier. Dit is dieselfde Atheense vent.
 PUK. Dis wel die vrou, die man lyk onbekend.
 DEMETRIUS. Waarom verstoot jy my met hoon en smaad?
 Hou bitter woorde vir jou bitter haat.
 HERMIA. Ek't jou berispe, veels te sag miskien,

Want nou vrees ek jy het my vloek verdien.
As jy Lysander in sy slaap vermoor't,
Loop enkeldiep in bloed maar verder voort,
Vermoor my ook.

Die son was aan die dag nooit so getrou
As hy aan my. Dat hy van Hermia sou
Wegsluip terwyl sy slaap – voor ek dit glo,
Moet 'n tunnel deur die aarde tot daarbo
Gegraaf word, en die maan opkruip daardeur
En haar broer, die son, se middagdiens versteur.
Jy't hom vermoor, nooit anders nie, dis waar;
So stroef en strak, so lyk 'n moordenaar.

DEMETRIUS. So moét ek lyk; want jy het my vermoor,
Jou koue wreedheid het my hart deurboor.
Maar jy, die moord'nares, kyk helder, sag,
Soos Venus in haar glans en sterreprag.

HERMIA. Hoe raak dit my Lysander? Waar is hy?
Liewe Demetrius, gee hom t'rug aan my.

DEMETRIUS. 'k Gee licwers aan my honde sy karkas.

HERMIA. Jou hond, jou brak, jy dryf my verder as
'n Vrou mag duld. Het jy sy bloed gestort?

Mag jy nooit weer tot man gereken word!
Praat een maal waar, al moet jy my mishaag.
Sou jy, as hy wakker was, dit ooit durf waag?
O dapper held, jy het hom in sy slaap gevang.
Dit sou 'n wurm kon doen, en ook 'n slang.
'n Slang se werk! Geen addertong, gesplyt
Tot valsheid, het ooit valser doodgebyt.

DEMETRIUS. Jou valse waandenkbeelde maak jou wild;
Maar ek het aan Lysander se dood geen skuld.

Miskien leef hy tensy ek my vergis.

HERMIA. Ek smeek jou, sê my dat hy veilig is.

DEMETRIUS. En as ek kan, watter loon sal ek verdien?

HERMIA. Die voorreg dat jy my nooit weer sal sien.

Uit jou gehate aanwesigheid gaan ek,
Of hy leef of dood is, nou vir goed vertrek.

Af.

DEMETRIUS. Vergeefs om haar te volg, sy's kwaad verby.

Ek sal 'n tydjie rustig agterbly.

Die smart verswaar as slaap, 'n bankroetier,

Sy skuld aan hom nie kan betaal nie. Hier

Sal slaap miskien aan smart 'n klein bedrag

Betaal, as ek hier bly en rustig wag. *Hy gaan lê en slaap.*

OBERON. Wat het jy aangevang? Jy het fouteer,
Aan troue minnaarsoë sap gesmeer.
Uit jou dwase vergissing volg dit nou
Dat ontrou bly; die ware word ontrou.

PUK. Die lot beslis: Vir een wat sy eed bewaar,
Sweer duisende vals ede deurmekaar.

OBERON. Gaan deur die woud so vinnig as die wind,
Sorg dat jy Helena van Athene vind.
Sy's liefde-siek en haar gesig is bleek
Deur sugte wat d' gesonde bloed opbreek.
Bring haar met een of ander lis by my,
En ek sal hom bewerk met towery.

PUK. Ek vlieg, ek vlieg, kyk tog hoe vlug,
Soos geen Tartaar se pyl vlieg deur die lug.

Af.

Oberon buig oor die slapende Demetrius.

OBERON. Blommetjie met die purper bloed,
Tref soos Cupido raak en goed,
Dring in sy oog in, laat hom boet,
As hy sy beminde ontmoet.
Stel haar stralend voor sy voet
Soos die aandster in sy gloed.
Laat met hartstog in sy bloed
Hy om liefde bid, en boet.

Puk weer op.

PUK. Koning van ons feëland,
Helena is byderhand.
Hy wat ek nie herken het nie,
Pleit vir 'n liefdeslekseltjie.
Kom ons beskou die vertoninkie –
Hemel, hoe dom is die mens tog nie!

OBERON. Wag, die geraas wat hulle maak,
Sal Demetrius laat ontwaak.

PUK. Dan word een gevry deur twee;
Dit sal 'n snaakse tweespel gee.
Ek vind dit die hoogste sport,
As iets hoogs belaglik word.

Hulle staan terug.

Lysander en Helena op.

LYSANDER. Hoe kan my liefde hoon wees wat jou krenk?
Gaan trane ooit gepaard met spot en hoon?
Ek ween en sweer; in ede, so gedrenk
In trane, kan net suiwer waarheid woon.

Hoe kan jy dinge as bitter spot beskou
Wat so die waarmerk dra van eie trou?

HELENA. Jou sluheid kry nou ál hoe meer formaat.

Trou veg teen waarheid, hemels-helse stryd!

Jou eed kom Hermia toe wat jy verlaat.

Weeg ede; joue is wind en ydelheid.

Jou trou aan haar en my in een weegskaal

Sal ewe lig weeg, soos 'n sot verhaal.

LYSANDER. My oordeel was, toe 'k sweer voor haar, van streek.

HELENA. Nog meer as jy jou eed aan haar verbreek.

LYSANDER. Demetrius het haar lief, en nie vir jou nie.

DEMETRIUS (*ontwaak*). O Helena, nimf, godin uit d' hemelryk,

Waarmee kan 'k jou twee oë vergelyk?

Kristal is modd'rig. Hoe verleid'lik mooi

Jou lippe, soen-ryp kersies, rond en rooi!

Die hoogste sneeutop, waar die ooswind waai

Om d' wit te stol, lyk pikswart soos 'n kraai

As jy jou hand verhef. Laat my dit soen,

Die sneeuprinses, die straalwit visioen!

HELENA. O helse gruwel! Julle is almal hier

Net om my aan te val vir jul plesier.

Geen mens van fyn beskawing en fatsoen

Sou my die bitter onreg aan wil doen.

Waarom, as jul my haat, soos ek wel weet,

Nog hierdie spot wat in my siel invreet?

As julle manne was, soos julle lyk,

Sou jul geen tere vrou so wil misbruik,

Haar deugde hemelhoog aanprys en roem,

Terwyl sy weet dat julle haar verdoem.

Twee mededingers in liefde vir Hermia

Word mededingers in spot met Helena.

'n Fyn onderneming, manlik en kordaat,

Wat 'n arme meisie so met spot en smaad

Tot trane dwing! Geen man van edel geslag

Sou 'n jonkvrou krenk, tot bo haar weerstandskrag

Haar siel ontcer – dít nét om lekker te lag!

LYSANDER. Hou op daarmee, Demetrius, jy is wreed.

Jou liefde is Hermia; jy weet ek weet.

Ek skenk vrywillig, met my hele hart

Van Hermia se liefde jou my part.

Staan jy jou deel van Helena aan my af,

Wat ek sal liefhê tot verby my graf.

HELENA. Geen spotterny was ooit so laag en laf.

DEMETRIUS. Lysander, hou jou Hermia; niks vir my.
As ek haar liefgehad het, dis verby.
My hart het soos 'n gas by haar loseer,
Maar na sy Helena-tuiste t'ruggekeer
Om daar te bly.

LYSANDER. My Helena, dis 'n leuen.

DEMETRIUS. Ken jy die trou waarop my liefde steun?
Bly daarvan af, of dit sal jou berou.
Daar kom jou liefde, loop, begroet haar nou.

Hermia op.

HERMIA. Die donker nag, wat d' oog beroof van lig,
Verskerp die oor in d' uitvoer van sy plig.
Wat dus ons oog in d' duisternis verloor,
Word ons vergoed deur dubbelskerp gehoor.
My oog, Lysander, was totaal verblind;
Dank sy my oor het ek jou tog gevind.
Maar waarom is jy onvriend'lik weg van my?

LYSANDER. As liefde lok, mag niemand agterbly.

HERMIA. Maar watter liefde lok dan my Lysander?

LYSANDER. Die liefde van Lysander vir 'n ander,
Mooi Helena wat die nag meer glans verleen
Dan vurige stippeltjies van sterrereën.

Wat volg jy my? Jy moet probeer verstaan:
Ek haat jou; daarom het ek weggegaan.

HERMIA. Jy praat nie wat jy dink nie; dis onwaar.

HELENA. O, sy behoort aan d' sameswering daar,
Die drietal, wat hulle teen my sameskaar
Om spottend my te maak tot martelaar.
Ondankbare meisie, wrede Hermia,
Het jy met hierdie manne saamgesweer
Om my te treiter met die spotterny?
Is al die geheimpies wat ons saam gedeel het,
Die trou wat ons as susters saam gesweer het,
Die ure wat ons die gevleuelde tyd
Verwens het, wat ons skei – is dit vergeet?
Die onskuld van ons jeug? Vriendskap op skool?
Ons, Hermia, het soos skeppende godinne
Op een kussing gesit, en met ons naalde
Volgens dieselfde patroon een blom borduur,
En in een toonaard saam een lied gesing,
Asof ons hande, lyf, en stem en gees
Een liggaam was. So het ons saam gegroei
Net soos 'n dubb'le kersie, skynbaar twee,

Maar tog in sy gedeelde tweehed een,
Twee rooiryp bessies aan dieselfde tak.
So was ons, twee liggame, met een hart,
Twee wapenskilde van die heraldiek,
Maar tot een trou met een pluimtop bekroon.
Wil jy ou liefde nou in flenters skeur
En saam met mans jou arme maat bespot?
Dis haatlik en dit pas 'n meisie nie.
Alle vroue sal met my jou dit verwyf,
Maar ek alleen ervaar die narigheid.

HERMIA. Jou heftige taal vervul my met verbasing.

Ek spot jou nie; dit lyk jy spot met my.

HELENA. Het jy nie Lysander opgestook om my

Te volg, met spot gesig en oë te prys?

En toë jou ander minnaar, Demetrius,

Wat onlangs my verskop het met sy voet,

Gekry om my 'n juweel, 'n nimf, godin

Uit d' hemelryk te noem? Waarom dit sê

Aan een wat hy haat? Waarom verwerp Lysander

Die sieliefde wat hy voel vir jou

Om my sowaar begeerlik na te loop,

Tensy op jou aandrang, met jou verlof?

Wat maak dit saak as 'k minder begunstig is,

Veel minder met liefde en geluk belaaï,

Maar miserabel liefhet, onbemin?

Verdien dit spot van jou of medelye?

HERMIA. Wat jy daarmee bedoel, begryp ek nie.

HELENA. Goed, gaan dan voort met jou gehuigelde snart,

Trek agter my rug skewemond en lag,

Knik vir mekaar, rek lank die lekker grap;

So 'n goeie grap kan nog geskiedenis word.

Met medelye, fyn maniere sou

Jy my nooit kies tot voorwerp van jou smaad.

Vaarwel! Dis deels my eie fout, wat ek

Kan regmaak deur verdwyning of die dood.

LYSANDER. Bly, liewe Helena, ek smeeek jou, hoor,

My liefde, lewe, siel, mooi Helena!

HELENA. O pragtig!

HERMIA. Liefeling, moet haar nie bespot nie.

DEMETRIUS. As haar pleitrede faal, kan ek hom dwing.

LYSANDER. Jou dwang is magteloos soos haar pleidooi,

Jou dreigemente swakker as haar bede.

By my jong lewe, ek het jou lief, Heleen.

Ek sweer by wat ek jou as offer bied,
 En toon hoe vals hy is wat dit betwyfel.

DEMETRIUS. Ek het jou liever as wat hy ooit kan.

LYSANDER. As jy so dink, kom saam, bewys dit dan.

DEMETRIUS. Kom, gou!

HERMIA. Lysander, wat beteken dit?

LYSANDER. Los my, jou Ethiopiër.

DEMETRIUS. Nou, menceer,
 Jy ruk kammakastig los, maak of jy volg,
 Maar bly tog staan, jy is 'n bangbroek, loop!

LYSANDER (*worstel met Hermia*). Los my, jou kat, jou klits, los my,
 onding,
 Of ek sal jou moet afskud soos 'n slang!

HERMIA. Waarom so grof? Wat het jou so verander,
 My liefeling?

LYSANDER. Liefeling? Weg, jou blas gesig!
 Weg, haatlike medisyne, weg, gifdrank!

HERMIA. Maak jy nie 'n grap nie?

HELENA. Ja, beslis, jy ook.

LYSANDER. Demetrius, ek hou my aan my woord.

DEMETRIUS. Ek soek 'n sterker band. 'n Swak band bind
 Jou skynbaar sterker as jou erewoord.

LYSANDER. Verwag jy 'k moet haar seermaak, slaan, vermoor?
 Al haat ek haar, kan 'k haar nie pynig nie.

HERMIA. Kan jy my meer pyn aandoen as jou haat?
 My haat? Waarom? Wat het gebeur, liefeling?
 Is ek nie Hermia nie, en jy Lysander?
 Ek is nog net so mooi as kort gelede,
 Deur jou vannag bemin, vannag verlaat.
 Wel, dan 't jy my – mag d' gode dit verhoed! –
 Sal 'k sê, in erns verlaat?

LYSANDER. So waar ek leef.
 En ek het nooit begeer om jou weer te sien nie.
 Geen hoop, geen vraag, geen twyfel meer vir jou.
 Wees seker, niks is waarder, dis geen grap
 Dat ek uit liefde vir Helena jou haat.

HERMIA. Ag wat, jou gogelaar, jou kankerroos,
 Jou liefdedief! Het jy in die nag gekom,
 My minnaar se hart gesteel?

HELENA. O, pragtig mooi!
 Het jy as maagd geen sedigheid, geen skroom,

Geen sweem van skaamte? Moet my sagte aard
 Verskeur word tot my bitter wanhoop praat?
 O, skande, jy, bedriegster, houtpop, jy!
 HERMIA. 'n Houtpop? So! Is dit die spel se doel?
 Nou sien ek sy't 'n vergelyking getref
 Tussen ons figure; sy't haar lengte genoem,
 Met haar postuur, haar hoë postuur,
 En met haar hoogte 't sy hom afgevry.
 Staan jy in sy waardering nou so hoog
 Omdat ek so dwergagtig laag vertoon?
 Hoe laag staan ek, geversde meiboom? Praat,
 Hoe laag staan ek? Ja, laag, maar hoog genoeg
 Om met my naels jou oë by te kom.
 HELENA. Ek smeek jul, here, al bespot julle my,
 Red my van haar. Ek was nog nooit 'n geitjie,
 En het geen aanleg vir 'n tonggeveg,
 Ek is 'n meisie in my lafhartigheid.
 Keer haar, voor sy my slaan. U sou wel dink,
 Omdat sy soveel laer staan as ek,
 Dat 'k haar portuur is.
 HERMIA. Laer! Weer die woord!
 HELENA. Jy's te verbitter teen my, Hermia.
 Ek het jou altyd liefgehad, en jou
 Geheime trou bewaar, geen leed gedaan nie,
 Behalwe dat 'k uit liefde Demetrius
 Vertel het van jou vlug na hierdie bos.
 Hy't jou gevolg; my liefde 't hom gevolg.
 Maar hy't my afgejak en my bedreig
 Met slae, veragting, ja, selfs met die dood.
 En nou, as jy my rustig weg laat gaan,
 Sal ek my dwaashcid t'rugneem na Athene,
 En jou nie verder volg nie. Laat my gaan.
 Jy sien hoe onskadelik en hoe dwaas ek is.
 HERMIA. Nou kry jou ry! Wie hinder jou miskien.
 HELENA. 'n Dwase hart wat ek hier agterlaat.
 HERMIA. Wat, by Lysander?
 HELENA. By Demetrius.
 LYSANDER. Sy sal jou nie aanraak nie, Helena.
 DEMETRIUS. Nee, selfs nie as jy trag om haar te help nie.
 HELENA. As sy kwaad word, is sy 'n rissiepit.
 Sy was op skool al giftig soos 'n geitjie.
 Al is sy klein, sy kan wreedaardig wees.
 HERMIA. Weer klein? Niets anders nie as laag en klein?

Moet julle toelaat dat sy my beskimp?
Laat my haar bykom.

LYSANDER. Hande af, jou dwerg,
Jou klein en lastige bondel buffelskweek,
Jou potjierol, jou akkerdop.

DEMETRIUS. Jy's te gediensstig,
Dit teenoor haar wat jou en jou diens verag.
Los haar, hou af jou mond van Helena;
Moenie haar kant kies nie, want as jy waag
Om d' minste blyk van liefde vir haar te gee,
Sal 't jou berou.

LYSANDER. Sy't my nou vrygelaat.
Volg my nou, as jy durf, dat ons kan toets
Wie het meer reg op Helena, jy of ek.

DEMETRIUS. Jou volg? Nee, ek loop langs jou sy aan sy.
Lysander en Demetrius af.

HERMIA. Jy, juffrou, al die herrie kom deur jou.
Nee, bly hier.

HELENA. Ek vertrou jou nie, ek bly
Nie langer in jou vervloekte geselskap nie.
Jou hande is vinniger by 'n geveg,
My langer bene dra my vinniger weg.
Af.

HERMIA. Ek is stom verbaas, en weet dit nie so reg nie.
Af.

Oberon en Puk op.

OBERON. Dis jou nalatigheid. Jy maak òf fout,
òf voer moedswillig kwajongstreke uit.

PUK. Glo my, o elwekoning, dit was 'n fout.
Het u my nie gesê ek sou die man
Herken, want hy't Atheense klere aan?
In sover kan geen mens my dus blameer;
Ek het aan Atheense oë die sap gesmeer.
In sover is 'k tog bly dit het so geword,
Want hul rumoerige twis vind ek groot sport.

OBERON. Jy sien, hulle soek vir hul tweegeveg 'n plek.
Gou, Puk, laat donker wolke die nag bedek.
Skuif voor die sterrehemel onmiddellik
'n Lae floers, soos die hel, so swart en dik.
Mislei die knorrige mededingers goed
Sodat die een die ander nooit ontmoet.
Boots eers Lysander na, sy stem, sy spraak,
En krenk Demetrius tot hy roep om wraak;

As jy dan soos Demetrius uitvaar
Teen hom, lei jy hulle verder van mekaar,
Tot oor hul gees 'n slaap, swaar soos die dood,
Aansluit met vlermuisvlerk en voet van lood.
Druk van die blom dan in Lysander se oë,
Die sap met die wonderbaarlike vermoë
Dat dit alle oogverwarring laat verdwyn,
Sodat die oog weer waarheid skei van skyn.
As hulle ontwaak, sal die verspote stryd
'n Dwase droom lyk, 'n belaglikheid,
En sal die vier t'rug na Athene gaan
Met liefde wat tot hul sterfdag sal bestaan.
Terwyl ek hierdie taak aan jou opdra,
Gaan 'k weer my koningin die seuntjie vra,
En dan sal 'k haar verdwaasde oog bevry
Van die gedrog, sodat ons vrede kry.

PUK. My feëkonink, dit moet gou gebeur,
Want nag se drake dring al vinnig deur
Die wolke, en dáár voor skyn die morester,
By wie se koms dwaalgeeste her en der
Na hul kerkhoftuiste tou. Geeste, vervloek,
Weens moord op kruispaaie begrawe, soek
In haas hul wurm-deurwoelde beddens nou.
Uit vrees dat d'lig hul dade sal aanskou
Het hulle hulself verban van die helder dag,
Konfraters ewig van die swartoog-nag.

OBEBON. Maar ons is geeste van 'n ander soort;
Ek het met d' morebruid al ongestoord
Soos 'n jong boswagter in die woud gestoci,
Wanneer die oosterpoort al vurig gloei
Ver oor die see, en met sy lig die sout
Seewater maak tot spartelende goud.
Spring weg, en handel haastig, geen versuim;
Ons moet vóór sonop hierdie boel opruim.

Oberon af.

PUK. Op en neer, op en neer,
Ek lei hulle heen en weer;
Land en stad skrik al hoe meer,
Bosgees lei hul heen en weer,
Hier kom één meneer.

Lysander op.

LYSANDER. Demetrius, jou grootbek, praat met my.

PUK (*as Demetrius*). Hier, skurk, met swaard getrek, maar waar is jy?

LYSANDER. Ek 's dad'lik daar by jou.

PUK (*as Demetrius*). Nou volg my dan

Na gelyker grond.

Lysander af.

Demetrius op.

DEMETRIUS. Lysander, praat tog, man.

Jou wegloper, jou lafaard, jy't gedros.

Praat! Waar steek jy jou kop weg? In 'n bos?

PUK (*as Lysander*). Jou bangbroek, brul jy tot die sterre bo

Dat jy baklei soek, tot die bosse jou glo,

En kruip bang weg? Kom, seun, ek sal jou stert

Met 'n kweperlat bewerk. Jy's dit nie werd

Dat 'n swaard teen jou getrek word nie.

DEMETRIUS. Waar's jy?

PUK (*as Lysander*). My stem sal jou na 'n mannestrydperk lei.

Puk en Demetrius af.

Lysander weer op.

LYSANDER. Hy hardloop voor, en daag my om te kom.

As ek is waar hy roep, is hy doodstom.

Die skurk loop ligvoet, dit moet ek beken:

Ek volg hom ál hoe vinniger, maar hy wen.

Nou 't ek beland op 'n donker oneffe plek

Waar ek gaan rus. Mag helder dag my wek.

Hy gaan lê.

Sodra die grys lig van die dag aanbreek,

Sal ek Demetrius kry, en alles wreek.

Hy slaap.

Puk en Demetrius weer op.

PUK (*as Lysander*). Hier, hier, jou papbroek, waar bly jy dan nou?

DEMETRIUS. Wag vir my as jy durf, want ek ken jou,

Jy hardloop voor, en bly my steeds ontwyk,

En durf nooit staan of in my oë kyk.

Waar is jy heen?

PUK (*as Lysander*). Kom hier, hier is ek nou.

DEMETRIUS. Jy jil met my, maar dit sal jou berou,

As ek jou bakkies weer by daglig sien.

Gaan bars; ek is swak en moeg, ek 't rus verdien,

En gaan my lank uitstrek op die klam kweek.

Maar jy moet oplet loop as d' dag aanbreek.

Hy gaan lê en slaap.

Helena op.

HELENA. Vermoënde nag, o, lang, vervelende nag,

Verkort jou ure; troos my, daeraad,

Laat my na Athene gaan by helder dag,
Weg van die groep wat my geselskap haat.
En, slaap, wat d' oë sluit van smart en leed,
Ontvoer my, laat my 'n ruk myself vergeet.
Sy gaan lê en slaap.

PUK.

Dis nou drie. Kom, nóg een hier.
Twee van albei soort maak vier.
Hier's een kwaad en kommervol,
En Cupido is stout, hy lol,
Hy maak arme nooientjies dol.

Hermia op.

HERMIA. Nooit so mistroostig en nog nooit so moeg,
Dou-nat, deur doringstruïke rou gekrap,
Kom ek niks verder, al moet ek kruip en swoeg.
My wil beur vorentoe, maar my bene is slap.
Hier wil ek rus, hier wek die dagbreek my.
O, Hemel, help Lysander, as hulle baklei.
Sy gaan lê en slaap.

PUK.

Op die gras
Slaap vas,
Ek sal jou
Oog bedou
Minnaar, dit genees so gou.
Hy druk die sap in Lysander se oë.
Word jy wakker
In jou flakker
Vroeër vreug
As verheug,
Jy jou liefie weer aanskou.
Nugter, sal jy dan ervaar,
Die ou spreekwoord is tog waar:
Man en vrou hoort by mekaar.
Jan met sy Annie
Stuit vir geen man nie.
Elke hings sy merrie, dan is daar geen herrie.
Af.
Die ander slaap.

VIERDE BEDRYF

TONEEL I

Dieselfde plek

Titania en Bolle op met feetjies. Oberon agter, maar onsigbaar.

TITANIA. Kom, vly jou op die blommebed hier neer,

Dat ek kan vry met jou wange van verweel,

En rose in jou voorhoof vleg, so teer,

En jou groot ore, liefste, soen en streel.

BOLLE. Waar is Ertjieblom?

ERTJIEBLOM. Hier.

BOLLE. Krap my kop, Ertjieblom. Waar is Mister Spinrag?

SPINRAG. Hier.

BOLLE. Mister Spinrag, liewe Mister, neem jou wapens op en slaan vir my 'n rooiboud-hommelby dood op die top van 'n disseldoring; en liewe Mister, bring my die heuningsak. Moenie jouself daarmee ooreis nie, Mister, en, goeie Mister, sorg net dat die heuningsak nie breek nie; dit sou my spyt, as jy oordek word met heuning, sinjeur. Waar is Mister Mosterdsaad?

MOSTERDSAAD. Hier.

BOLLE. Steek blad, Mister Mosterdsaad. Asseblief, basta buig voor my, liewe Mister.

MOSTERDSAAD. Wat verlang u?

BOLLE. Niks, liewe Mister, net dat jy Kavalier Spinrag bietjie help krap. Ek moet na die barbier gaan, Mister, want, ek dink ek is vreeslik wollerig om my wange. En ek is so 'n teergevoelige esel, as 'n haartjie van my jeuk, dan moet ek krap.

TITANIA. Wil jy 'n bietjie musiek hoor, my soetlief?

BOLLE. Ek het redelike goeie ore vir musiek. Speel vir my 'n ghoera en 'n trom.

TITANIA. Of, sê my, soetlief, wat wil jy graag eet?

BOLLE. Ja, so 'n krip vol voer. Ek sal nie nee sê vir jou goeie droë hawer nie. Dit smaak vir my ek is belustig op 'n bondel hooi; goeie hooi, soet hooi, is tog maar bobaas.

TITANIA. Ek het 'n wakker feetjie wat eekhoring

Se spens sal plunder en vars neut bring.

BOLLE. Ek sou liewers een of twee hande vol droë ertjies eet. Sorg asseblief dat jou mense my nie steur nie. Daar kom so 'n slomerige lomerigheid oor my.

TITANIA. Slaap sag, ek sal jou in my arms vou.

Feetjies, wip nou na alle kante weg.

Feetjies af.

So teer omslinger akkerwinde die

Soet kamferfoelie. Vroulik sag omhels

Klimop die olm se skurwe vingers so.

Ek het jou lief, ek is versot op jou.

Hulle slaap.

Puk op.

OBERON (*kom na vore*). A! liewe Puk. Sien jy die soet gesig?

Ek begin haar in haar sotheid jammer kry.

Ek het haar onlangs in die bos ontmoet

Waar sy vir die misbaksel bessies soek.

Ek het haar sleggesê en rusie gemaak,

Want sy't sy harige voorhoof net bekrans

Met 'n blommekroon, so heerlik vars en geurig.

Dieselfde dou wat in 'n blom se knop

Soms skitter soos 'n Oosterse juweel,

Het helder in haar oogkelke geblink

Soos tranen wat oor haar verned'ring treur.

Toe 'k haar na hartelus getreiter het

En sy my ned'rig om genade smeek,

Het ek die wisselkind van haar gevra.

Sy't toegestem, 'n fee gestuur om hom

Na my lushof in feëland weg te bring.

Nou ek die seun het, wil ek haar bevry

Van daardie naar en haatlike oogbedrog.

En, liewe Puk, neem daardie eselspruik

Van die Atheense vent se harspan af,

Sodat hy mét die ander wakker word

En almal na Athene hul begeef,

En aan die nag se manewales dink

Soos aan die skok van 'n nagmerriedroom.

Maar eers moet ek die koningin bevry.

Hy raak Titania se ooglede aan.

Vind jouself weer, jou vermoë

Kyk weer deur jou eie oë,

En Diana se bloesemknop

Hef Cupido se toorkrag op.

Ontwaak, Titania, liewe koningin.

TITANIA (*word wakker en staan op*). My Oberon! wat se gesig het ek gesien!

Ek het in droom 'n esel liefgehad.

OBERON. Daar lê jou liefie.

TITANIA. Hoc het dit gebeur?

Hoe walg my oë van sy aanskyn nou!

OBERON. Wees stil. Puk, neem die pruik weg van sy hoof.

Titania, laat musiek die sinne verdoof

Van ál vyf dieper as wat slaap kan doen.

TITANIA. Musiek, musiek, betower hulle slaap!

Musiek speel.

PUK (*Terwyl hy die eselskop van Bolle wegneem*). Ontwaak, en kyk met eie oë, swaap.

OBERON. Musiek! My koningin, gee jou hand vir my,

Skud sag die grond van slapers hier opsy.

Hulle dans.

'n Nuwe liefde wag vir jou en my,

En morenag dans statig, ek en jy,

By Hertog Theseus se trouparty

Om hul triomf en vreugde in te wy.

Met drie maal twee getroue liefdes by

Sal Theseus se jolyt meer luister kry.

PUK.

Feëkoning, luister hier,

Leeurik meld die daglumier.

OBERON.

Kom, my koningin, ons gaan

Agter nag se skadu's aan;

Ons deurkruis die hemelbaan

Flugger as die swerfsiek maan.

TITANIA.

Sê my, liefing, wyl ons deur

Wolke vlie, hoe't dit gebeur

Dat 'k geslaap het op die grond

Met die skepsels om my rond.

Oberon, Titania en Puk af.

Die liefdespare en Bolle slaap voort.

Jaghoringgeluide. Theseus, Hippolyta, en Egéus op met hul gevolg.

THESEUS. Gaan, een van julle, kry die bosbewaarder,

Die viering van die Meïfees is verby.

Omdat ons staan op d'voorpos van die dag,

Moet my beminde die jagmusiek hoor van

My honde. Laat in die west'like vallei

Hul los. Maak gou, en vind die bosbewaarder.

Volgeling af.

Ons gaan, my koningin, na d'bergtop bo,

En luister na verwarde kruismusiek
Van hondegetjank en weerklank deur die dal.

HIPPOLYTA. Ek was eenmaal by Herkules en Cadmus

Wat in die woud van Crete 'n beer vaskeer
Met honde uit Sparta. Woeste blafverweer
Het my verstom laat staan. Die bosse omheen,
Die lug, die strome, elke streek vereen
Deur klank en weerklank. So 'n dond'rende
Musiekverwarring het ek nooit beleef nie.

THESEUS. My honde 's uit Spartaanse bloed geteel,

Ligbruin, met lae kop, sakwange en lang
Flapore wat die moredou wegveeg,
Krom bene, keelvel soos Thessaalse bulle;
Wel stadig, maar met gorrels ingestem
Soos klokkespel. Geen mooier geluid het ooit
By jagroep of by horinggeskal weerklink
In Crete, Sparta of Thessalië.
Maar oordeel self. *Hy sien die slapers.*
Sjuut! Wat se nimfe is dit?

EGÉUS. My heer, dit is my dogter wat hier slaap,

En dit Lysander, dit Demetrius,
Dit ou Nedar se dogter, Helena.
Ek sou wil weet hoe 't hulle hier saamgekom.

THESEUS. Hulle het maar seker vroeër opgestaan

Vir die Meifees en van ons plan gehoor,
En wou ons plegtige byeenkoms eer.
Egéus, sê my, dit is tog die dag
Waarop Hermia moet antwoord en besluit?

EGÉUS. Ja, ed'le heer.

THESEUS. Roep jagters, laat die horingklank hul wek.

Jaghorings klink op. 'n Geskreeu. Die verliefdes skrik wakker.
Vriende, Sint Valentyn is lank verby;
Hoe is dit dat jul bosvoëls nou eers vry?

LYSANDER. Vergeef my, heer.

Die minnaars kniel.

THESEUS. Staan asseblief tog op.

Ek weet julle is vyandige mededingers.
Waar kom die tere vriendskap nou vandaan,
Dat nyd so ver sy jaloesie verlaat
En rustig lê langs iemand wat hy haat?

LYSANDER. My heer, ek sal 'n verwarde antwoord gee,

Half wakker, half in slaap. Maar ek kan sweer
Ek weet nie hoe ek hier gekom het nie.

Maar, soos ek dink, ek wil die waarheid praat,
 Ja, nou val dit my by; dit het so gebeur:
 Ek het met Hermia hierheen gevlug
 Om weg te kom van Athene en so die straf
 Van die Atheense wet te kan ontwyk –
EGÉUS. Genoeg, genoeg, my heer, u weet genoeg.
 Ek beroep my op die wet teen hom, die wet.
 Hul wou wegsloop; hul wou, Demetrius,
 Oor jou en my oorwinning vier, jou van
 'n Vrou beroof, my van my vaderreg,
 My vaderreg om haar aan jou te skenk.
DEMETRIUS. My heer, mooi Helena het aan my verklap
 Hul plan om skelm te vlug na hierdie woud;
 Ek het in woede hul agternagesit,
 En Helena het uit liefde my gevolg,
 Maar, ed'le heer, ek weet nie watter krag –
 Deur 'n soort krag het liefde vir Hermia
 In my gesmelt soos sneeu, en dit lyk nou
 Soos die gedagte aan dwase speelgoed wat
 In my kinderjare vir my dierbaar was.
 En al die trou, die liefde van my hart,
 Die mooiste beeld en vreugde van my oë
 Is nou net Helena. Aan haar, my heer,
 Was ek verloof voor 'k Hermia gesien het.
 Soos 'n siek man, het ek die goeie kos
 Verwerp; gesond, herwin ek weer my smaak;
 My lus, my liefde, my verlange gaan
 Na haar, getrou aan haar vir alle tyd.
THESEUS. Verliefdes, julle is weer bly verenig.
 Ek wil die hele storie later hoor.
 Egéus, ek gaan teen jou wil besluit,
 Want aanstons sal in d' tempel saam met ons
 Die paartjies vas verbind word aan mekaar.
 Omdat die more ver gevorder is,
 Word ons beplande jagtog afgelas.
 Kom, na Athene; ons drie pare saam
 Vier daar 'n fees, so vrolik as vernaam.
 Kom, my Hippolyta.
Almal af, behalwe die verliefdes, en Bolle wat nog slaap.
DEMETRIUS. Dit alles lyk so klein en so onduidelik
 Soos veraf berge wat verwaas tot wolke.
HERMIA. Ek dink ek kyk met twee onenige oë
 Wat dinge dubbel laat vertoon.

HELENA. Ek ook.

Demetrius was vir my soos 'n juweel,
My eie en tog nie.

DEMETRIUS. Maar is jy seker

Dat ons nou wakker is? Dit lyk vir my
Ons slaap, ons droom. Jy dink tog ook die hertog
Was hier en 't ons beveel om hom te volg?

HERMIA. Hy en my vader.

HELENA. En Hippolyta.

LYSANDER. En hy't beveel ons moet na d' tempel kom.

DEMETRIUS. Dan is ons wakker. Wel, dan volg ons hom;

Op weg daarheen gesels ons oor ons drome.

Die verliefdes af.

BOLLE (*word wakker*). As my beurt kom, roep my, en ek sal antwoord.

My volgende wagwoord is „allermooiste Pyramus”. Haai, julle!
Piet Plank! Bertus Blaas, die blaasbalkmaker! Gedorienaar,
weggedros, en my laat slaap! Ek het 'n wonderbaarlike gesig
gesien. Ek het 'n droom gehad; geen mens se verstand kan sê
wat se droom dit was nie. Die mens wat hierdie droom perbeer
ytlê, is 'n esel. Ek het gedog ek was, en ek het gedog ek had – die
man wat vir my wil kom sê wat ek gedog het ek had, is 'n dwase
sot. Geen menseoog het ooit gehoor, geen menseoor het ooit
gesien, geen tong verstaan, geen hart sal kan vertel wat ek ge-
droom het. Ek sal Piet Plank 'n versie laat skryf oor my droom;
dit sal as tittel hê „Bolle se Droom”, want dit is hol van binne. En
ek sal dit sing aan die end van die toneelstuk voor die Hertog. Of
dalk, om dit nog aandoenliker te maak, by Tispie se dood.

Af.

TONEEL II

Athene

Plank, Blaas, Snoet, en Maerman op.

PLANK. Het jy iemand na Bolle se huis gestuur? Het hy al tuis
gekom?

MAERMAN. Niemand weet van hom iets nie. Hy is sweerlik vervoer.

BLAAS. As hy nie kom nie, is ons toneelstuk in sy maai. Dit kan
tog nie vort gaan nie, kan dit?

PLANK. Buite kwessie; jy het in die ganse Athene geen man wat
Pyramus kan opbring soos hy nie.

BLAAS. Ja-nee, hy het die langste kop van al die werksmense in Athene.

PLANK. Ja, en hy't net die lyf daarvoor, en hy is die ware aambeeld van 'n mooi stem.

BLAAS. Jy bedoel ,toonbeeld'. ,Aambeeld' sê gedoriewaar niks.

Tap op.

TAP. Manne, die Hertog kom net van die tempel af, en daar is nog twee of drie adelmanne en adelvroumense in die huwelik gevestig. As ons toneelstukkie klaar was, het ons met ons stêre in die botter geval.

BLAAS. Liewe Bolle, ou bul! So het hy sikspens per dag vir lewenslank verloor. Hy sou speel-speel sikspens per dag gekry het. As die Hertog hom nie sikspens per dag gegee het om Pyramus te speel nie, vreet ek my hoed op. Hy sou dit werd wees. Sikspens per dag vir Pyramus, of nôt 'n wiel.

Bolle op.

BOLLE. Waar is die kêrels? Waar is die liewe vrinde?

PLANK. Bolle! O, allergelukkigste dag! O geseënde uur!

BOLLE. Manne, ek gaan oor wonderbaarlike dinge praat; maar moenie vir my vra wat nie, want as ek dit moet sê, is ek nie 'n ware Athener nie. Ek sal julle alles vertel persies soos dit gebeur het.

PLANK. Laat ons hoor, my liewe Bolle.

BOLLE. Geen woord van my nie. Al wat ek julle sal vertel, is dat die Hertog klaar geëet het. Kry jul monderings reg, sterk toutjies vir jul baarde, nuwe linte vir jul skoene, en kom in 'n japtrap by die paleis bymekaar. Elke man moet sy rol nakyk, want, om 'n lang storie kort te maak, ons stuk is aangeneem. In ieder geval laat Tispie 'n skoon hemp aantrek. En die een wat vir leeu speel, moet nie sy naels knip nie, want hulle moet uitsteek soos 'n leeu se kloue. En, liewe medespelers, moenie uie of knoffel eet nie, want ons moet met soet ascms praat, en, ek twyfel glad nie, hulle sal sê dit was 'n soet kimmedie gewees. Geen verder woord nie; weg is julle, weg!

Bolle en sy manne af.

VYFDE BEDRYF

TONEEL I

Athene

Theseus, Hippolyta, Filostrat op, met gevolg.

HIPPOLYTA. Dis vreemd, wat hierdie paartjies ons vertel.

THESEUS. Meer vreemd as waar. Ek het nog nooit geglo

In die ou fabels of in feëverhale nie.

Waansin en liefde verhit die brein, sodat

Dit soms die wildste fantasië omvat

Wat d' koel verstand onmoontlik kan verstaan.

Die malman, die verliefde en die digter

Is almal uit verbeelding opgebou:

Een sien meer duiwels as die wye hel

Kan vat – die malmens; minnaars, net so mal,

Sien Helena se skoonheid in 'n blas

Sigeunervrou; in wilde ekstase rol

Die digtersoog oor hemel en aarde rond,

En wyl hy nooit gekende dinge ontwerp

Met sy verbeelding, vorm sy digterspen

Dit tot gedaante – so kry leë lug

Deur hom 'n eie woning en 'n naam.

'n Sterk verbeelding is so vindingryk:

As sy verlange na geluk hom dwing,

Skep hy die bode wat geluk moet bring.

Maar as hy snags in donker angs verkeer,

Maak hy ook maklik van 'n bos 'n beer.

HIPPOLYTA. Al die gebeurtenisse van hierdie nag,

Die ommekeer wat hulle deurgemaak het,

Getuig van meer as blote fantasie

En word 'n groot saamhangende geheel,

Hoewel dit vreemd en wonderbaarlik bly.

Lysander, Demetrius, Hermia en Helena op.

THESEUS. Hier kom die paartjies vrolik, vol geluk.

Vriende, mag vreug en liefde, ewig fris

In julle harte woon.

LYSANDER. Mag meer geluk

U pad, u tafel, en u bed bekroon.

THESEUS. Is daar geen maskerspel of dans om die

Lang wagtyd van drie ure te verkort,
Wat tussen die ete en die slaaptyd strek?
Waar is die meester van ons hofvermaak?
Is daar geen vrolikheid, is daar geen spel
Wat d' pynlik trae ure kan versnel?
Roep Filostraat.

FILOSTRAAT. Hier, magtige Theseus.

THESEUS. Watter tydverdryf kan jy vanaand aanbied?

'n Maskerspel? Musiek? Kan ons die tyd
Se traagheid nie met bietjie pret verlig nie?

FILOSTRAAT (*gee hom 'n vel papier*). Hier is 'n lys van wat beskikbaar
is.

Kies self wat u Hoogheid eerste sal wil sien.

THESEUS (*lees*). „Die stryd met die kentaure, solosang

Van 'n Atheense eunug met sy harp.”

Nie dit nie. Ek het my skat dit reeds vertel

Tot roem van Herkules, my bloedverwant.

„Die raserny van dronk Bakkante, wat
Woedend die sanger uit Thراسيë verskeur.”

Dit is 'n stokou stuk en is gespeel

Toe ek uit Thebes t'rugkeer in triomf.

„Drie maal drie Muse wat die dood beween

Van die geleerdheid wat as bed'laar sterf.”

Dit is 'n soort satire, skerp en krities,

Wat nie geskik is vir 'n huw'liksfees nie.

„'n Kort, langdradige stuk oor Pyramus

En sy geliefde Thisby. Grappig-tragies.”

Wat? Grappig-tragies? Kort en tog langdradig?

Dit klink soos warm ys en snaakse sneeu.

Hoe laat mens so 'n ongerymdheid rym?

FILOSTRAAT. Dit is 'n stuk, my heer, so tien reëls lank,

Seker die korste drama wat ek ken.

Maar dis presies tien reëls te lank, my heer,

Dus ook langdradig. In die spel is geen

Gepaste woord en geen gepaste speler.

Tragies, my heer, is dit beslis,

Want Pyramus deursteek daarin homself.

Toe 'k dit sien repeteer, moet ek beken,

Skiet trane in my oë; geen wilde lag

Kan so 'n vrolike tranevloed laat vloei.

THESEUS. Wie is hulle wat dit speel?

FILOSTRAAT. Vereelte handwerksmanne uit Athene,

Wat nooit 'n stuk kopwerk gedoen het nie

En hul kopsku geheues nou ooreis
Om by u huw'liksees die stuk te speel.

THESEUS. Ons wil dit hoor.

FILOSTRAAT. Nee, nee, my ed'le heer,
Dis nie vir u nie. Ek het dit gehoor,
En dis op aarde niks nie, somer niks.
Tensy u pret vind in die goeie wil,
Vreeslik oordryf, die woorde ingestamp
Om u 'n diens te doen.

THESEUS. Ek wil dit hoor,

Want daar kan niks verkeerd wees met 'n ding
Wat pligsgetroue eenvoud ons aanbied.
Gaan bring hulle in, en, neem jul plekke, dames.
Filostraat af.

HIPPOLYTA. Ek gru as 'k sien hoe arme drommels sukkel
En pligsgetrouheid in sy diens beswyk.

THESEUS. My liefing, jy sal glad nie soiets sien nie.

HIPPOLYTA. Hy sê tog hulle is tot niks in staat nie.

THESEUS. Veel vriend'liker as ons bedank vir niks.

Ons pret sal wees, behou wat hulle verbrou.
'n Edel gees skat armsalige plig
Nie na sy waarde maar sy toegewydheid.
Waar ek ook kom, het groot geleerdes my
Begroet met voorbereide welkomsworde;
Maar ek het hul sien bewe en verbleek,
Sien vassteek in die middel van 'n sin,
Hul woordaksente wegsluk in hul vrees,
En eindelijk in stomheid stok, voordat
Hulle my kon welkom heet. Liefing, glo my,
Hul swye was vir my 'n welkomswoord.
Maar daardie bang, beskeie pligsbesef
Was meer as die brutale kletterklank
Van selfversekerde welsprekendheid.
Die liefde, eenvoud, tongvaste bedeesde,
Sê met sy minste woord vir my die meeste.

Filostraat op.

FILOSTRAAT. U edele, die Proloog staan gereed.

THESEUS. Laat hom maar kom.

Trompetgeskal. Plank op as proloogspreker.

PLANK (as proloogspreker). As ons u erger sal dit ons behaag.

As u net dink dis nie ons doel en strewe
Om te mishag nie. Ons klein talent wil graag
U dien, want dis die mispunt van ons lewe.

Ons staan hier almal teen ons wil en sin.
Onthou, ons speel nie net vir u plesier nie.
Ons wil u vreugde bring as u begin
Verveel raak, daarvoor is ons glad nie hier nie.
Die spelers staan nou klaar, en deur hul spel
Sal hulle al wat u moet weet, vertel.

THESEUS. Die kêrel trap darem klei met punte en komma's.

LYSANDER. Hy't soos 'n wilde hingsvul sy proloog gery, en nie
geweet waar hy moet stop nie. 'n Gocie les, my edele heer: dis
nie genoeg om iets goeds te sê nie; mens moet dit goed sê.

HIPPOLYTA. Hy het op sy proloog gespeel soos 'n kind op 'n blok-
fluit, met veel geluid, maar weinig note.

THESEUS. Sy proloog was 'n gekoekte ketting, die skakels reg, maar
alles verkeerd. Wie is die volgende?

*Trompetgeluid. Pyramus (Bolle), Thisby (Blaas), Muur (Snoet),
Maanlig (Maerman) en Leeu (Tap) gaan staan in 'n ry, terwyl Plank
die proloog spreek.*

PLANK (as proloogspreker). Toehoorders, u sal vol verbasenis

Ons spel aanskou, tot waarheid als verklaar.

Die man, as u wil weet, is Pyramus,

En Tispie is die pragtige dogter daar.

Die man met rofkas en met kalk besmeur,

Is die vuil muur wat die geliefdes skei.

Die muur 't gebars, en by die wye skeur

Kan hulle fluister van liefde, ewig vry.

Die man – lantern, hond en doringbos –

Is Maanskyn. Die verliefdes is gelok

Deur Maanskyn en het skelmpies weggedros

Om by die graf van Ninus te gaan bok.

Die vreeslike dier, wat hulle noem die leeu,

Het Tispie, toe sy een nag eerste was,

Van vrees, of, laat ons sê, van skrik laat skreeu;

Terwyl sy vlug, vat dorings haar mantel vas,

Wat leeu toe met sy bloedige bek bevlek.

Toe Pyramus daarna, lank, en slank, en mooi,

Tispie se mantel sien, so bloedig rooi,

Het hy die blad van sy blinkende swaard getrek,

En braaf sy bloedige, bonsende bors deurboor.

Toe Tispie onder die moerbeiboom dit hoor,

Trek sy sy doek, en sterf. Wat d' res betref,

Leeu, Maanskyn, Muur, die minnaars twee

Sal als vertel, terwyl hulle hier optree.

Al die spelers af, behalwe Snoet, die muur.

THESEUS. Ek wonder of die leeu gaan praat.

DEMETRIUS. Een leeu mag wel, my heer; want soveel esels praat.

SNOET (*as muur*). In hierdie tussenspel kom 't hierop neer

Dat ek, Piet Snoet, 'n muur aanpresenteer.

En so 'n muur, dit moet julle nooit vergeet,

Met onderlangs 'n wye bars of spleet

Waardeur die tweetjies, Tispie en Pyramus,

Saggies kon praat as hulle te eensaam is.

Die kalk, die rofkas en die klip toon aan,

Dat ek die muur is, hierso, waar ek staan.

En hier's die kraak, dwarsdeur die muur en pleister

Waardeur die doodsbang paartjie saggies fluister.

THESEUS. Wie verwag dat kalk en hare beter praat?

DEMETRIUS. Dis die slimste muur wat ek ooit hoor praat het, my edele heer.

THESEUS. Wag, stilte! Daar is Pyramus by die muur.

BOLLE (*as Pyramus*). O grimmige nag, pikswart soos Afrika!

O nag, wat ewig duur voor dag aanbreek!

O nag, helaas, geen hart kan dit verdra!

Ek vrees my Tispie laat my in die steek.

En jy, o muur, o soet, o lieflike muur,

Wat haar ou pa se grond van myne skei,

En jy, o muur, o soet, o lieflike muur,

Ek wil deurkyk; o wys jou spleet vir my.

Snoet wys met sy vingers.

Dank, goeie muur, geseën vir alle tyd!

Maar ek sien dan geen Tispie; muur, jy lieg.

O wrede muur, ek sien geen saligheid

Deur jou. Vervloek jou klippe wat my bedrieg!

THESEUS. Lyk vir my, 'n muur wat lewe, moet t'rugvloek.

BOLLE (*as Pyramus*). Nee, om die waarheid te sê, my heer, hy moenie. „Wat my bedrieg” is Tispie se wagwoord; sy moet nou opkom, en ek moet haar deur die muur sien kom. U sal sien dit gebeur persies net soos ek sê. Daar kom sy.

Blaas kom op as Thisby.

BLAAS (*as Thisby*). O muur, jy het my telkens hier hoor ween,

Omdat jy Pyramus van my weghou.

My kersielippe soen jou skurwe steen,

Jou klippe, met kalk en hare opgebou.

BOLLE (*as Pyramus*). Ek sien 'n stem; ek gaan nou na die spleet,

Dalk kry ek Tispie se gesig te hore.

Tispie!

BLAAS (*as Thisby*). My lielling, dit is jy, ek weet.

BOLLE (*as Pyramus*). Weet ook, ek is verlief tot oor my ore,
En, soos Salmander, bly ek ewig trou.

BLAAS (*as Thisby*). En ek soos Helena tot die noodlotshou.

BOLLE (*as Pyramus*). Geen Shafalus was aan Procus so getrou.

BLAAS (*as Thisby*). Soos Shafalus aan Procus, ek aan jou.

BOLLE (*as Pyramus*). O soen my deur die gat van die vuil muur.

BLAAS (*as Thisby*). Ek soen, maar proe geen lippe, net kalk en suur.

BOLLE (*as Pyramus*). Kry ek by Nonna se graf jou altemits?

BLAAS (*as Thisby*). By lewe en sterwe, ek kom soos die blits.

Bolle en Blaas af.

SNOET (*as Muur*). Ek, Muur – my rol, my plig is nou voldaan;

Dit synde so, kan ek, Muur, nou maar gaan.

Af.

THESEUS. Nou is die skeidsmuur tussen die twee bure weg.

DEMETRIUS. Dit help tog niks, my heer, as mure so gediensdig
is om alles af te luister.

HIPPOLYTA. Dis die verspotste affêre wat ek ooit gehoor het.

THESEUS. Die beste spelers is maar skaduwees, en die slegstes niks
erger nie as ons verbeelding hulle aanvul.

HIPPOLYTA. Dit moet dan jôu verbeelding wees, nie hulle s'n nie.

THESEUS. As ons verbeelding hul niks laer skat as hulle self nie, is
hulle uitstekende mense. Hier kom twee edele diere, 'n man en 'n
leeu.

Tap op, as Leeu, en Maerman, as Maanskyn.

TAP (*as Leeu*). U, dames, spring op stoele in 'n kits,

As die kleinste muisie by u rokke kom;

U sou van angs en skrik die ritteltits

Kry, as 'n woeste leeu hier brul en grom.

Ek is Tom Tap, 'n mak skrynwerkertjie,

Geen regte, leeu, selfs geen leeuwyfie nie.

Want as 'k, op prooi belus, hier rond sou stap

As leeu, dan is my doppie gou geklap.

THESEUS. 'n Sagmoedige dier met 'n teer gewete.

DEMETRIUS. Die dierbaarste dier wat ek ooit gesien het, edele
heer.

LYSANDER. 'n Leeu met 'n jakkalshart.

THESEUS. Ja, en die verstand van 'n gans.

DEMETRIUS. Nie so nie, edele heer; want sy moed kan nie sy ver-
stand saamsleep soos die jakkals die gans nie.

THESEUS. Sy verstand, weet ek, kan nie sy moed dra nie, want die
gans dra nie die jakkals nie. Nou goed, laat dit aan hom oor, en
kom, ons luister na die maan.

MAERMAN (*as Maanskyn*). Hierdie lantern is die maan met horings.

DEMETRIUS. Hy moes die horings op sy hoof gedra het.

THESEUS. Hy is geen halwemaan nie, en sy horings is onsigbaar in sy volheid.

MAERMAN (*as Maanskyn*). Hierdie lantern is die maan met horings; Ek self die man in d'maan, soos 't vir my lyk.

THESEUS. Dis die grootste fout van die hele affère; die man moet binne die lantern wees. Hoe is hy anders man in die maan?

DEMETRIUS. Hy kan nie daar kom nie, uit vrees vir die kers; u sien, dit begint al rook.

HIPPOLYTA. Ek is nou moeg vir die maan, ek wens hy verander.

THESEUS. Dit blyk uit die dowwe lig van sy verstand, dat hy begint afneem. Maar in alle beleefdheid, en in alle redelikheid, moet ons die tyd afwag.

LYSANDER. Gaan verder, Maan.

MAERMAN (*as Maanskyn*). Al wat ek te sê het, is om julle te vertel dat die lantern die Maan is, ek, die man in die Maan, hierdie doringbos my doringbos, en hierdie hond my hond.

DEMETRIUS. Wel, dan moes al die dinge in die lantern gewees het, want alles is in die maan. Maar, luister, hier kom Thisby.

Blaas weer op, as Thisby.

BLAAS (*as Thisby*). Hier is ou Nonna se graf. Waar is my liefste?

TAP (*brul soos 'n leeu*). Umfff! Umfff!

Thisby hardloop weg.

DEMETRIUS. Goed gebrul, Leeu.

THESEUS. Goed gehardloop, Thisby.

HIPPOLYTA. Mooi geskyn, Maan.

Werklik, die maan skyn baie sjarmant.

Tap skeur as Leeu die mantel van Thisby en verdwyn.

THESEUS. Mooi kat-en-muis, Leeu!

Bolle terug as Pyramus.

DEMETRIUS. En toe kom Pyramus.

LYSANDER. En dus het die Leeu gevlug.

BOLLE (*as Pyramus*). O Maan, ek dank jou vir jou sonnestrale,

Ek dank jou, Maan; by hierdie helder lig,

Wat gly met goue glans oor donker dale,

Soek ek my troue Tispie se gesig.

O my, ek sidder,

Kyk, arme ridder,

'n Smart wat jou verlam!

Ek staar met vrees,

Hoe kan dit wees?

My lieflinkie, my lam!

Jou mantel goed

Bevlek met bloed!
O, felle Furies, draf,
O, noodlotsusters, laat
Nou spring my draad,
Knip, druk of draai my draad morsaf!

THESEUS. Hierdie hartstog, plus die dood van 'n dierbare vriend,
sou 'n mens amper treurig laat voel.

HIPPOLYTA. Sê wat julle wil, maar ek kry die man jammer.

BOLLE (*as Pyramus*). Natuur, maar waarom skep jy leeuus tog nou?

'n Lecu 't my maagdeliefieblom gesteel.
Sy is, nee, nee, sy was die mooiste vrou
Wat leef, wat liefhet, loer, en lekker speel.

Kom, trane verward,
Verwond nou, swaard,
Die pram van Pyramus,
My linkerpram,
Waar d' bloed opdam;
Dan gaan ek rus, rus, rus.

Hy deursteeek homself.

Verby die tyd,
Kom, ewigheid,
My siel is in die lug.

'Tong, basta skyn,
Maanlig, verdwyn.
Maerman, die Maanskyn, af.
Kom, laaste sug, sug, sug.

Hy sterf.

DEMETRIUS. As speler is hy 'n aas, bobaas, alleen.

LYSANDER. 'n Ander soort van aas, hy's dood, hy's niks.

THESEUS. 'n Snyderokter kan twee stukke aas saamvoeg tot 'n lewende
esel.

HIPPOLYTA. Hoe kom dit dat Maanskyn vertrek voor Thisby
kom en haar minnaar vind?

THESEUS. Sy sal hom by die lig van die sterre vind. Hier kom sy,
en met haar jammerklag eindig die spel.

Blaas weer op as Thisby.

HIPPOLYTA. Ek dink dit hoef geen lang jammerklag te wees vir so
'n Pyramus nie; ek hoop sy kap dit kort.

DEMETRIUS. 'n Strooitjie sou die skaal laat oorslaan, wie van hulle
beter was, Pyramus of Thisby, hý as man – hemel, help ons –
sý as vrou –hemel, wees genadig.

LYSANDER. Sy't hom klaar gesien met haar liewe ogies.

DEMETRIUS. En sy uit haar jammerklag as volg!

BLAAS (*as Thisby*).

Aan die slaap, my lief?
Dood, hartedief?
Staan op, my Pyramus.
Praat, praat! Wat? Stom?
Die graf het hom,
Sy mooi oë uitgeblus.
Die lelielippe,
Die kersieneus,
Sy wange, geel primulas,
Is heen, is heen.
Minnaars, beween
Sy oë wat grasgroen was.
O, skrikgodinne,
Kom aldrie binne
Met hande, bleek soos melk.
Doop hulle in bloed,
Julle skêr het vir goed
Sy sydraad laat verwelk.
Tong, spreek geen woord.
Kom, troue swaard,
en steek my in my maai.

Sy deursteek haarself.

Ag, treur tog nie,
So sterf, Tispie,
Goe'baai, Goe'baai, Goe'baai.

Sy sterf.

THESEUS. Maanskyn en Lceu moet nou die dooies begrawe.

DEMETRIUS. Maar Muur kan darem help.

BOLLE (*staan op*). Nee, ek kan u verseker, die muur wat hul vaders geskei het, lê nou plat. Sou u graag die epiloog wil sien of 'n volksdans wil hoor, uitgevoer deur twee lede van ons geselskap?

THESEUS. Tog nie 'n epiloog nie, asseblief, want julle hoef nie vir jul spel ekskuus te vra nie. Moet nooit ekskuus vra nie, want as die spelers almal dood is, kan mens niemand blameer nie. Waarlik, as hy wat dit geskryf het, die rol van Pyramus gespeel het, en homself opgehang het aan Thisby se kousband, sou dit 'n pragtige tragedie gewees het; so was dit ook, en voortrefflik gespeel. Maar kom, nou die volksdans, en los maar die epiloog.

'n Volksdans. Bolle en sy mense af.

Die nag se ystertong het twaalf getel.
Verliefdes, bed toe; dit word elwetyd,
Ek vrees ons moet vanmore slaap inhaal

Wat ons verloor het met ons nagwaak hier.
Die growwe, sterk oordrewe spel het tog
Die swaar gang van die nag verlig. Almal
Na bed. Ons het nog veertien dae tyd
Vir naglang nuwe pret en vrolikheid.
Almal af. Puk op met 'n besem.

PUK.

Honger leeus brul nou omheen,
Wolwe huil nou teen die maan;
En die boer snork dat dit dreun,
Met sy dagtaak afgedaan.
Uitgebrand die stompe vuur;
Net 'n steenuil skreeu, en laat
Iemand, wat reeds pyn verduur,
Bang dink aan sy doodsgewaad.
Tyd dat grafte wyd oopgaap
Nou presies om middernag,
En die geeste wat daar slaap
Sweef dan oor die kerkhof sag.
Ook ons feetjies wat saamvlug,
Agter HéKate aanstroom,
Vir die sonneskyn bedug,
En die nag volg soos 'n droom,
Is nou vrolik. Laat geen muis
Piep in die gewyde huis.

Hy wys op sy besem.

Hiermee vec ek ongesteur
Stof weg agter elke deur.

*Oberon en Titania, die Koning en Koningin van Feetjies, op met hul
gevolg wat brandende kerse dra.*

OBERON.

Deur die huis, laat kersies blink
Voor die vakerige vuur.
Elke elf en fee rinkink
Lig soos voëltjies op 'n muur.
Sing die deuntjie agter my
Aan, en trippeldans verby.

TITANIA.

Leer nou eers die lied se woorde,
Sing met borrh'lende akkoorde;
Hand in hand, fyn feëvertoning,
Sing ons seën oor hierdie woning.
Oberon lei, en die feetjies sing en dans.



82/05427

10132735

SHAKESPEARE, W.

Mid somernagdraan

MAIN

PR

2827

SHA

University of the Witwatersrand, Johannesburg

The Library

This book may *not* be retained after the last date stamped below. A renewal for a further period of seven days may be granted unless the book is in demand. *Fines, as scheduled in the Rules and Regulations, are incurred on overdue books.*

ON DISPLAY UNTIL	
	2 AUG 1983
02 AUG 2004	10 MAY 2019

This book is *not transferable*. It will remain your charge until returned by you in person.



101327315



BC54169



HR
& R